



Kompass



Jaargang 15 no. 4

April 2006

**Tema:
Titel**

- **Hoe vier Israel Pasga** 2
- **Van Paasfees na Nagmaal** 4
- **Paasfees in ons nuwe lewe** 6
- Die missionêre kerk (2) 7
- Nabeskouing GKSA-sinode 2006 . 11
- Venster op die Bybel: Markus 13
- Hoe het Pelgrims plesier 15
- Nagmaal op Goeie Vrydag 17
- Dr. Anton Rupert 19
- Blink toekoms na die verkiesings 21
- Boekbespreking: Ek het vergeet 23

JY IS WAT JY EET

En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie. Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag. Want my vlees is waarlik spys, en my bloed is waarlik drank. Wie my vlees eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom. Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe. (Johannes 6:53-57)

Ons opskrif sê: jy is wat jy eet. Dit is presies ook wat Christus in Johannes 6 leer oor die eet van sy vleis en sy bloed. Ja die woordkeuse van ons Heer klink byna banaal. Hy praat van sy “vleis en bloed”. Sulke eksplisiete taal kan ons natuurlike denke egter maklik pootjie! ‘n Verkeerde verstaan het juis totale misvatting van die Roomse Mis veroorsaak. Hoe moet ons dit dan reg verstaan?

Die Jode het dit verkeerd verstaan, omdat hulle nie in Christus geglo het nie. Hulle het dit verkeerd verstaan net soos wat Nikodémus ook die wedergeboorte verkeerd verstaan het. Hulle redenasië was tipies menslik. Iets soos: Herbivore eet plante, karnivore eet vleis, omnivore eet plante én vleis en kannibale eet mense! Daarom vra hulle: Hoe kan ons sy vleis eet en sy bloed drink? (Joh 6:52). Verwag Hy dan van ons om kannibale te wees?! So vra Nikodémus oor die wedergeboorte: Hoe kan ek weer in my moeder se skoot ingaan? Maar Jesus bedoel nie kannibalisme, dat mense mense moet eet, nie.

Hy bedoel dat ons die Woord wat vlees geword het, moet eet. Johannes vra nie dat mense ‘n mens sal eet nie, maar dat mense ‘n baie spesifieke Mens in die geloof sal verorber! Hy maak sy taal so blatant as moontlik met die woorde: eet my vleis, glo my menswording vir julle, want so werklik is die Evangelie, die vleeswording van Christus vir ons! Kom ons gaan dieper hierop in.

Johannes is die duidelikste van al die Evangelies oor die Godheid van Christus. Op talle wyses onderstreep dié Evangelie dat Christus God is. Juis dit is wat ons moet eet! Ons moet eet uit God se hand. Ons moet eet die brood uit die hemel, wat vlees geword het, die Woord wat vlees geword het. Die Here Jesus word in Johannes nie net baie duidelik openbaar as God nie. Hy word ook baie duidelik openbaar as die *Woord* van God (vgl Joh 1:1 vv). Hy kom verklaar, verduidelik, God aan die wêreld (1:18). Dié wat God glo, dat Hy die wêreld so liefgehad het dat Hy sy Seun gegee het, sal hierdie *verklaring* hulle eie maak. Hulle sal dit glo. Hulle sal die Woord glo, hulle sal dit eet. Hulle sal die Woord eet soos Johannes die boekie geëet het in Openbaring 10:10. Hulle sal nie brood koop en eet wat niks help nie (vgl Jes 55:2 vv). Hulle sal nie in eie geregtigheid voor God probeer verskyn nie. Hulle sal *luister* en lewe! Hulle ontvang gewoon die heil wat God aan hulle in genade bedien, die bediening van die versoening. Hulle probeer nie hulself in eie werke red nie. Hulle leef as geredde mense in geloof alleen.

Hy bedoel verder ook dat die ware gelowige die Woord wat vlees geword het, *sal* eet. Ons moet goed verstaan

HOE VIER ISRAEL PASGA?

Ds. P Nel

TEMA: PAASFEES

“Pappa, vertel ons waarom ons hierdie ongesuurde brood eet saam met die bitter kruie...?” So sou die jong Israeliet deur die eeue heen tydens die Pasgamaaltyd aan sy vader vra. Die pa sou dan die eksodusverhaal aan sy gesin verduidelik. So vra die Joodse seun vandag nog dieselfde vraag, maar nou is daar ‘n verskil. Daar is nou ook ‘n Nagmaal. Dit is nou nie net die nasionale volk, die Jode, wat vra nie, maar kinders uit alle stamme, volke en tale. Die vraag is nou nie meer net: “Pa, waarom die Pasga?” nie, maar nou ook: “Pa waarom die Pasga én die Nagmaal? Pappa, waarom Christus, die brood en die wyn?” Waarom, want Israel het nou ‘n nuwe betekenis. Pasga het onvermydelik Nagmaal geword. Pasga is nie meer die fees van die uittoeg sonder Jesus Christus van Nasaret nie.

(vervolg vanaf bls 1)

dat mense nie deur wat hulle eet, word wat hulle is nie. Nee, jy is wat jy eet. Christene eet Christus, want hulle is van ewigheid af uit God gebore. Dié gedagte is baie sterk in Johannes. Dit is die uitverkorenes, hulle wat van ewigheid af aan God behoort, wat sal leef van Hom, eet van Hom, drink van Hom, geplant is in Hom. Hulle is heeltemal anders as diegene wat nie uit God gebore is nie. Hulle kan nie anders as om te eet van Christus nie.

Konklusie: Jy is inderdaad wat jy eet. Die Christen eet die Christus, die Woord van God wat vlees geword het. Hy glo in die enige God én in Jesus Christus wat Hy gestuur het (Joh 17:3). Sy sondes is vergewe, sy honger gestil. Die heiden eet brood wat weer honger bring. ☩

PN

Om die vraag te help beantwoord, moet ons gaan onderskei. Ons moet onderskei tussen Pasga en Nagmaal en tussen Israel en Israel. “Israel” kan twee dinge beteken, naamlik die volk van die ou verbond en volk van die nuwe verbond. Maar op sigself is daar nog geen skeiding tussen die twee Israels nie. Ons is as volk van die nuwe verbond tog ook een met alle gelowiges in die volk van die ou verbond. Die skeiding lê in die geloof in die Christus. Hy is ook die Een wat die betekenis van Pasga en Nagmaal bepaal.

Pasga en Nagmaal word in die Bybel met mekaar gekomplimenteer deur onderskeid

In die heilige Skrif kan ons talle onderskeidings tussen Pasga en Nagmaal raaksien. Daarmee dui die Heilige Gees aan dat die twee nie naatloos op mekaar oorgaan nie, maar dat elkeen sy besondere invulling gee aan die werk van God met sy gemeente in die tyd van die gemeente. Let egter goed op dat dit ‘n ONDERskeid is en nie ‘n SKElding nie! Ons mag Pasga en Nagmaal geen oomblik van mekaar vervreem nie. Die een is nou vervleg met die ander. Die onderskeid wil juis die eenheid van die feeste in Christus komplimenteer. Deur die onderskeid te sien waardeer ons die eendersheid daarvan. Deur die aanvanklike Pasga te begryp geniet ons die Groot Pasga net soveel meer.

Die Pasga word in die Skrif jaarliks gevier en die Nagmaal gereeld

Die Pasga is een van die groot feeste van die volk Israel. Dit herdenk veral die historiese uitredding van God se volk uit die slawehuis van Egipte. Met Pasga het Israel vry geword! Die Pasga dui daarom ook die begin van die Joodse jaartelling aan (Eks

12:2). Daar, met die uittoeg, het Israel as die volk van God, as Israel op pad gegaan! Ons lees van die instelling in Eksodus 12. Ons sien dus in die Pasga dat die Here in ons geskiedenis werk. Hy staan nie los van die dinge wat op aarde gebeur nie. Jy kan sy werk in die annale van talle volke terugvind! So kom doen Hy ook in Christus. Daarom verwys Lukas ook na Christus se kruisiging as die “uitgang”, die “eksodus” wat Hy gaan bewerk in Jerusalem (Luk 9:31; vgl ook 2 Petr 1:15).

Juis omdat God in die geskiedenis werk, lyk die Pasga nou nie meer soos Hy gelyk het nie. Dit kan ook nie, wat dit het getuig van iets veel groter as ‘n volk op aarde wat wegkom van ‘n ander se onderdrukking. Reeds in die kiem van die Pasga broei die koms van die Christus wat sy volk ewig sal kom bevry van die slawehuis van Satan. So het God dit bestem. Die Oorwinnaar oor die dood en die Satan moes kom. Hoe skaduagtig ook al, was dit reeds na Christus se bloed wat Abel se offers, en later sy bloed in die grond, geroep het. Die onbevleete rammetjie, Pasgalammetjie, talle van hulle oor geslagte heen, word die een sondelose Lam, die een offer van die Seun van die Mens aan die kruis (Hebr 10:14).

Daarom word die nasionale volk Israel, wat die ander volk, Egipte, verlaat, nou ‘n volk wat talle volke verlaat. Mense word Christene, waar mense eers deel van die nasionale volk Israel geword het. Petrus sê: julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is. Johannes wys hoe die Grieke Jesus wil sien (12:20), en dat die Lam daar is as die “lewe van die wêreld” (Joh 6:51), dié wat God na Hom sal trek (Joh 6:44) uit die wêreld (vgl Joh 17:9).

Die Pasga is in die Skrif gevier in die samekoms van die gesin en die Nagmaal in die samekoms van die gemeente

Met Pasga as gesinsfees word bedoel dat dit sy direkte viering en sy gaste aan die tafel van 'n groepie mense vind. Die viering van die Pasga was gedoen in 'n huis om 'n geslagte lammetjie deur 'n gesin of groep, soos dit daar staan "'n Lam vir 'n huisgesin'" (Eks 12:3). Ook vreemdelinge kon die Pasga saam met die gesin of groepie kom vier. Maar hulle moes dan ook deel word van Israel, besny word (Eks 12:48). Dit word egter duidelik voorgeskryf dat niks van die lammetjie mag oorbly tot die volgende dag nie (Eks 12:8-10). Die groep en die lammetjie was een (Eks 12:2, 4). Niemand los niemand agter nie. Dit was dus nie maar net 'n ete nie, dit was 'n opete. Geen deel van die lammetjie mag oorskiet nie en God sal niemand wat dit eet, oorslaan nie. Maar daar, aan tafel van die gesin, eindig dit nie! Die viering van die Pasga was gelyktydig en gemeenskaplik gedoen deur die hele volk op dieselfde uur.

Die ete van die Pasga was maar die begin van die Fees van die Pasga. Vir 'n hele week na die ete van die lammetjie sou Israel na die tempel gaan om offers van dankbaarheid te bring aan die groot Ek Is (vgl Eks 12:11,15, ens).

Met die koms van Christus intensiver die viering van die Pasga. Die klem op afsonderlikheid gaan oor na totale eenheid. Nagmaal is nou daar waar die gemeente byeen is! Veral die Evangelie van Johannes en die eerste Brief aan die Korinthiërs beklemtoon dié feit. Daarmee kom die simboliek, dat Christus midde-in



'n Vrou maak ongesuurde brood

sy gemeente staan, duidelik na vore. Hy is die Herder, die Wingerdstok, die Brood van die lewe. Omdat daar net een brood is, is daar net een Liggaam, die katolieke gemeente van Christus. Wanneer mense saamkom, byeenkom, maar nie een IS nie, vier hulle nog nie die Nagmaal nie (1 Kor 11:20-21). Nagmaal is daar waar volkome eenheid in Christus is.

Maar die Nagmaal word nie net as sakrament meer intens nie, nee, ook ons daaglikse lewe vanuit Christus word nog meer intens. Daarom kombineer in die Nagmaal ook die betekenis van die Pasga en die Manna. Christus self bring hierdie gedagtes byeen in Homself. Wanneer Christus in Johannes 6 van Homself praat as die brood uit die hemel, waarvan die manna 'n voorafskaduwing was, meld Hy tegelykertyd dat sy vlees geëet moet word en sy bloed gedrink moet word. Laasgenoemde is weer 'n sinspeling op die betekenis van die Pasga. Met hierdie woorde wil Christus op veel meer as net die periodieke viering van die Nagmaal wys. Hy wil wys dat Hy inderdaad ons HELE lewe is, ons daaglikse

brood, ons manna en ons ewige brood, ons volkome offer aan die kruis, as Pasgalam.

Met meer intensiteit kom ook meer verantwoordelikheid

Waar die Nuwe Testament dikwels voorgelou word deur sektes as 'n verslapping van ons erns met God se verbond en met die diepte van sy geboorte, kom die Skrif met vermaning in Hebreërs 10:24-29:

en laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor,²⁵ en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom.²⁶ Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie,²⁷ maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer.²⁸ As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuie-nis van twee of drie;²⁹ hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?

Ons kan nou konkludeer en die vraag by die inleiding van die artikel beantwoord. Ons kan aan die vraende kind sê: Die Pasga is 'n onvervulde fees en die Nagmaal die vervulde Pasga, die Groot Pasga. Die ongesuurde brood en bitter kruie wys onderskeidelik op sy sondeloosheid en op sy bittere lyding. Daarom eet ons nou 'n feesmaal, oorvloed, ons bekere loop oor! ❧

VAN PAASFEES NA NAGMAAL

Ds. RM Retief

TEMA: PAASFEES

Dit is 'n ou dwaling wat weer opleef. Honderde mense wat hulleself met die naam Christen noem, trek saam op die veertiende dag van die eerste maand (van die Joodse kalender) om Paasfees te vier. Lammetjies word geslag en ongesuurde brode word gebak. En dit is nie net die Israel-visie-mense nie. Baie wat sogenaamd 'n nuwe waardering vir die Ou Testamentiese feeste gekry het, vier weer al die Joodse feesdae.

Dan is dit nodig dat ons opnuut weer daarop let wat die Skrif hieroor sê. Ons vier inderdaad vandag nog die Paasfees, maar nie net een dag van die jaar nie. Die apostel Paulus sê aan die gemeente in Korinte: "Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees — soos julle inderdaad ongesuurd is — want ook ons Paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid (1 Kor 5:7,8).

Deurdan ons daagliks eet van Christus, ons Paaslam, vier ons elke dag die Paasfees deur 'n rein lewe te leef. Dit is 'n lewe volgens God se wet, 'n lewe in liefde, wat die Skrif ook 'n lewe in die waarheid noem. Wie deur die geloof van die Paaslam eet, het ook saam met Hom gesterf en saam met Hom opgestaan in 'n nuwe lewe van gehoorsaamheid wat aan God gewy is. Hierdie nuwe lewe in Christus noem die apostel 'n fees: die ware Paasfees.

Daarom is die gemeente nou 'n ongesuurde brood. En daarom moet die gemeente die slegte mense onder hulle uit verwyder (1 Kor 5:2,6,7,13). Want wie van die Paaslam eet,

word self 'n nuwe ongesuurde deeg, 'n heilige.

Maar wat nou van die lammetjies wat geslag en die suurdeeg wat uit die huise verwyder moet word en die ongesuurde brode wat met bitter kruie geëet moet word (Ex. 12:8)?

Die Heilige Gees lewer genoegsaam kommentaar hierop. Ons sal eers blaai na Skrifgedeeltes wat handel oor die vervulling van al die feesdae in Christus.

En dan let ons spesifiek ook op die oorgang van Paasfees na Nagmaal.

Die vervulling in Christus

Die Here Jesus sê: "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul" (Matt 5:17). Hierdie woorde geld nie net vir die sedewet soos wat God se ewige en volmaakte en onveranderlike wet in die Tien Gebooie vir ons saamgevat is nie, maar ook vir al die seremoniële wette – al daardie wette wat gehandel het oor die offers en feesdae en die hele priesterdiens wat heengewys het na ons verlossing in Christus. Die hele wet is immers een. So verstaan ons dan dat Christus nie net die wet namens ons gehoorsaam het nie, maar dat Hy ook die skadubeelde daarin tot volheid gebring het. Hy self is die vervulling van al daardie skaduwette wat in hulself heenwysings na Christus was. Dat Hy dit nie afgeskaf of ontbind het nie, beteken dat ons steeds die bloed van die Offerlam nodig het en dat ons steeds net deur ons Hoëpriester die heiligdom kan ingaan.

Hieroor skryf die apostel Paulus so duidelik aan die Hebreërs dat verdere uitleg oorbodig is.

Christus se koms het 'n einde gemaak aan al die skadubeelde van die Ou Testament, juis omdat die skadubeelde nou tot volle werklikheid gekom het in Christus. Daarom slag ons nie meer offerdiere in die tempel nie, is daar nie meer priesters wat vir ons offers bring nie, gaan ons nie meer na 'n waskom in die tempel om daar onself te was nie, en hou ons nie meer al die ander seremonies en feesdae van die Ou Testament nie, omdat ons dit wat daardeur afgebeeld was, alleen in Christus ontvang. Wie in die Nuwe Testament nog daarmee voortgaan, is besig met bygelowige afgodediens. En daarom spreek die apostels hulle so sterk daarteen uit dat iemand wat daarmee voortgaan, los van Christus is!

Kom ons kyk na enkele Skrifgedeeltes:

Kol 2:16,17: "Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus".

Wie na die skadubeelde terugkeer, sal van die prys beroof word, dit wil sê: van die ewige lewe beroof word (Kol 2:18).

In Gal 4:10,11 sê die apostel: "Julle neem dae en maande en tye en jare waar. Ek vrees vir julle dat ek miskien tevergeefs aan julle gearbei het."

Omdat hulle steeds die Ou Testamentiese feesdae hou, is hy bevrees dat sy arbeid, om die evangelie aan hulle te verkondig, dalk tevergeefs was. Met ander woorde, as hulle daarmee voortgaan om die feesdae te hou, sal hulle nie gered word nie, dan verstaan hulle nog nie die evangelie nie, want dan hou hulle vas aan die skaduwee in plaas van aan Christus self van Wie die skaduwee getuig. Die apostel sluit duidelik die moontlikheid uit dat hulle aan die skaduwee én aan Christus kan vashou.



'n Moderne Joodse gesin vier die Paasfees

Dieselfde geld ook vir die besnydenis wat 'n skadubeelde was van ons reiniging in Christus (Kol 2:10-13).

Wie aan die skadubeelde vashou, ontken by implikasie die vervulling daarvan in Christus, sodat hulle dan onder verpligting is om sêlf al die eise van die wet te vervul (Gal 5:1-12). Wie na die onderhouding van die skadubeelde terugkeer, sê die apostel, is los van Christus – Gal 5:2-4. Dan is hulle nie meer gehoorsaam aan die evangelie nie, maar ongehoorsaam – Gal 5:7.

Die hele boek Hebreërs sit hierdie saak duidelik uiteen, dat die skadubeelde afgeskaf is omdat Christus self nou die vervulling daarvan is: Hy is ons sabbatsrus, ons tabernakel, ons Hoëpriester, ons Offerlam, ens.

Die onderhouding van die Ou Testamentiese feesdae nádat Christus gekom het, is deur sekere Jode uit Judea geleer. Hulle was ook aktief binne die eerste Christelike gemeentes en later bekend as Judaïste en hul leer word Judaïsme genoem. Hulle het ook bely dat hulle in Jesus Christus glo en dat 'n mens uit genade gered word, maar het geleer dat dit God se wil is dat ons tog nog besny moet word, die feesdae van die Ou Testament hou, ens. Paulus wys in sy sendbriewe dat dit dwaalleer is wat jou van Christus losmaak.

Nagmaal

Jy kan nie Pasga én Nagmaal vier nie, want as jy in die Nuwe Testament die Pasga vier, ontken jy juis

daardeur wat jy in die Nagmaal bely, naamlik dat Christus reeds geoffer is as ons Paaslam, terwyl die Pasga 'n belofte is dat Hy nog geoffer sal word. Dieselfde met besnydenis en doop – jy kan nie albei nie. Jy leef òf onder die ou verbond (wat nog vorentoe kyk na Christus se eerste koms) òf onder die nuwe verbond (waar al die beloftes reeds in Christus vervul is). Die Ou Testament en die Nuwe Testament vorm wel 'n eenheid, maar moet nie met mekaar vermeng word asof Christus nog nie gekom het nie.

Die Skrif maak dit duidelik dat die Nagmaal in die plek van die Paasfees gekom het (Luk 22:1,7,8,14-20). Die oorgang was nodig, omdat ons nou leef in die vervulling van die belofte. Ons leef nou vanuit die volmaakte offer wat eenmaal gebring is. En enige herhaling van die offer (of dit met die slag van lammers is, of met die Roomse Mis) is ontkenning van die genoegsaamheid van die een offer wat die Here Jesus klaar gebring het.

As ons dan teen die dwaling van ander gewaarsku is, laat ons self ook daarop let dat ons die nagmaal reg vier. Laat ons aan die tafel sy offer gedenk as die enigste en volkome versoening vir al ons sondes; en vanuit hierdie evangelie elke dag in reinheid en waarheid feesvier. Dit beteken dat ons met die mond van die geloof elke dag van Christus eet, sodat ons ook saam met Hom in 'n nuwe lewe kan wandel. ✠



Temas wat in die volgende maande in *KOMPAS* bespreek gaan word:

- | | |
|------------------------|--------------------------------|
| Mei 2006: | Probleemkind? |
| Junie 2006: | Rouwerwerking |
| Julie 2006: | Arbeid |
| Augustus 2006: | Leef vanuit vergiffenis |
| September 2006: | Heilige Gees |

PAASFEES IN ONS NUWE LEWE

Ds CF Nicholson

TEMA: PAASFEES

In die evangelieboodskap van Jesus Christus staan die opstanding sentraal. Daarom sê Paulus tereg dat as Christus nie opgewek is nie, dan is ons prediking vergeefs en vergeefs ook ons geloof (vgl. 1 Kor 15:14). Die opstanding vorm die hart van die Christelike teologie, verkondiging, geloof en lewe van die gelowige kind van God.

Paasfees is derhalwe die middelpunt van die nuwe lewe van die gelowige. As ons die evangelieboodskap van Christus omhels deur in Hom te glo, dan lewe ons 'n nuwe lewe. Soveel so dat ons nou gebreek het met die sonde. Nou wil Paulus weet of die gelowige dan nog in die sonde sal bly, sodat die genade van God in ons lewens meer kan word. Op hierdie vraag in Romeine 6 antwoord Paulus dat ons beslis nie in die sonde kan voortleef nie. Ons almal wat in Christus gedoop is, is in sy dood gedoop. Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlijkheid van die Vader, so is dit vir ons moontlik om in 'n nuwe lewe te kan wandel.

Met Christus se opstanding uit die dood het Hy die dood oorwin. Die dood heers dus nie meer oor Hom nie. Die dood as die loon vir die sonde, is nou oorwin. Met Christus se opstanding is die sonde oorwin. Daarom sê Paulus dat ons onself ook moet reken as dood vir die sonde, maar lewend vir God in Christus Jesus, onse Here (Rom 6:11).

Paasfees in ons lewe is derhalwe 'n lewe nie onder die mag van die sonde nie, maar onder die genade van God wat Hy as Vader aan ons betoon deur die weldade van Christus. Christus se opstanding bring dus mee dat Paasfees in ons lewe 'n voortdurende fees is. Elke dag is derhalwe Pase. Pase is die lewe, die lewe

saam met Christus. So kon Luther in die loop van sy alledaagse lewe in oomblikke van heftige aanvegtinge van buite en van binne met kryt op sy lessenaar skryf: "Vivit! Er lebt!" (Hy leef!).

Die opstanding van Christus tydens Pase maak derhalwe ook die Christelike geloof uniek. Baie godsdienste leer een of ander weg van verlossing, maar dit is slegs die Christelike geloof wat leer dat sy Verlosser gesterf het, maar meer nog dat Hy opgestaan het en die dood oorwin het, sodat Christus se navolgers kan lewe – vir ewig! Paulus was daarom ook gespot in Handeling 17 vers 32. Die Epikurëiese en die Stoïsinse wysgere het Paulus op die Areópagus aangevat oor die opwekking van Christus uit die dood.

By Paulus vind ons egter dat hy alles as skade ag wanneer hy die dinge van die vlees in verband bring met die uitnemendheid van die kennis van Christus. Want dié wat deur die geloof in Christus is, vind die ware geregtigheid wat uit God is deur die geloof. Kennis van Christus is vir Paulus dus die hoogtepunt van sy lewe, want daardeur ken hy die krag van die opstanding en die gemeenskap met die lyde van Christus (vgl. Fil 3).

Wanneer dit by die praktyk van die Christelike teologie, prediking, geloof en lewe kom, dan word daar weinig aandag geskenk aan die lyding van Christus en die opstanding. Kerke wat nog aandag skenk aan die prediking rondom die kerklike jaar, wy sowat sewe weke aan die lyding van Christus en twee daarvan word gewoonlik aan die opstanding gewy. Opstandingsprediking word dus verskraal, sodat die gebeure van Pase in ons lewens nie altyd tot sy reg kom nie. Wanneer daar wel aandag verleen word aan die prediking van die opstanding, dan worstel baie

predikers met die problematiek van die opstanding. Vir baie predikers is die prediking oor die opstanding 'n "verleentheid" in plaas daarvan dat dit dié geleentheid by uitnemendheid moet wees.

Die moderne psigologie kom na vore met allerhande redenasies van "nugterheid" en "volwassenheid" waarin die opstanding verklaar word as 'n "interpretasie" naas ander moontlikhede van verstaan van die Skrif. Die opstanding van Christus word dus bevraagteken. Dit word soms ook gesien as 'n "ontwikkeling" in die teologie waarin die opstanding dan gesien word as 'n soort "afronding" van die eintlike groot gebeure, dit is die kruisiging. Die kruisiging van Christus trek die hoof-aandag en dit lei die gedagtes en ook die geloof weg van die opstanding as magtig daad van God. Deur die aandag weg te lei van die opstanding van Christus, bied dit die geleentheid vir baie teoloë om die Goddelike volkomenheid van Christus te bevraagteken. Die soteriologie (verlossingsleer) word dan gesien as die ware heilswerk van God die Vader. Die opstanding van Christus sou hoogstens vir sommige 'n "teologie van hoop" wees waarin die gelowiges getroos sou word met die "wens" of die "hoop" dat die opstanding uit die dood ons vrese op aarde sou kon besweer. Die opstanding is dan nie 'n werklikheid nie, maar eerder 'n probleem vir die moderne mens. Tog is daar by sommige teoloë die konsensus dat daar wel "iets geheimsinnigs" gebeur het wat moeilik verklaarbaar is, maar wat wel onder die verkondiging van die Woord gebring moet word.

Paasfees in ons lewe moet nooit 'n poging word om die werke van God te probeer verstaan of te wil verklaar nie, maar dit is 'n onvoorwaardelike aanvaarding van God se daade in die geloof. Die feit van die leë graf en die getuienisse van die dissipels en ander ooggetuies aan wie Jesus verskyn het, behoort geen struikelblok vir die Pase te wees nie. Die historisiteit en die realiteit van die opstan-

ding is daarom ononderhandelbaar vir die geloof en die lewe van elke gelowige. Die feitelike beskrywings van Jesus se lewe op aarde ná die opstanding skets nie net sy liggaamlikheid soos wanneer hy saam met ander eet nie, maar sy Goddelike heerlijkheid word ook beleef as hy deur geslote deure beweeg en verskyn aan wie Hy wil. So word die ware geloof nie voor die keuse van redelikheid of ander vorme van verklaring gestel nie, maar wel voor onvoorwaardelike aanvaarding van die Woord van God as onfeilbaar. Die Woord bring juis lewe.

Wie dus glo: “Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe,” dié kan elke dag lewe. Paasfees in ons lewe vra dus elke oomblik geloof in die opgestane Heer. Ten spyte van die wêreld en sy sorges, is die kind van God elke dag besig met feesviering. Maar ons moet dit vir mekaar sê; dit is ’n voortdurende herinnering: Jesus leef!

Daarom moet ons ook vir mekaar sê dat Pase in ons lewe onlosmaak-



lik deel is van ons belydenis. Met die hart glo ons en met die mond bely ons dat God vir Jesus uit die dood opgewek het (vgl. Rom 10:9). Hierdie belydenis is ook vir ons uitgewerk in Sondag 17 en Sondag 22 van die Heidelbergse Kategismus.

Sondag 17 vra: “Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?” Ten minste drie dinge word vir ons geleer. Ten eerste het Jesus deur sy opstanding die dood oorwin. Hy het vir ons die geregtigheid deur sy dood verwerf sodat ons dit deelagtig kan word. Tweedens word ons nou ook deur sy krag tot ’n nuwe lewe opgewek. Derdens is die opstanding

van Christus vir ons ’n betroubare waarborg waardeur ons verseker kan wees van ons eie salige opstanding.

By Sondag 22 gaan dit oor die troos wat ons in hierdie lewe het oor die opstanding van ons eie liggame. Sondag 22 lees: “Watter troos gee die opstanding van die liggaam aan jou?” Dan mag ons weet: “Dat nie

alleen my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie, maar ook hierdie selfde liggaam van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word.”

Mag dit wees dat ons weer opnuut die wonderlike daad van God mag raaksien, ook in die tyd waarin ons leef; net soos baie ander ware gelowiges voor ons dit deur al die eeue gedoen het. Doen dit vandag; vier vandag fees en ook elke dag, want Christus het opgestaan, sodat ons ook saam met Hom kan lewe. ✠

Die missionêre kerk (2)

- Nuwe paaië van God

Ds PG Boon

RONDOM DIE KERK

In hierdie reeks skenk ek aandag aan die missionêre karakter van die kerk van Christus. Missionêr, dit wil sê ’n kerk wat in sy wese gestempel is deur die opdrag van die Here Jesus in Matt 28:19: “Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.” In die tweede artikel kyk ons hoe sending en evangelisasie gefundeer is in die hele Skrif, sowel Ou as Nuwe Testament.

Die ou verbond en die vreemdeling

Hoewel ons in die Ou Testament lees dat God spesifiek vir Abraham en die volk uit hom gebore, gekies het, wil dit nie sê dat Hy alle ander volke uit die oog verloor het nie. Vanaf die begin sien ons dat die uitverkore volk slegs ’n *middel* was om die heil na die ander volke toe te dra: “... in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word” (Gen 12:3). Reeds in die Ou Testament kon mense wat geen gebore Israëliete was nie, opgeneem word in die gemeenskap van God se volk. “Een

wet moet geld vir die kind van die land en vir die vreemdeling wat onder julle vertoef.” (Ex 12:49). Rassediskriminasie word in die Ou Testament voorkom deur die herinnering dat Israel self as vreemdeling in Egipte vertoef het. In die Tora vind ons allerlei maatreëls vir vreemdelinge wat wou deelneem aan die volk Israel. Hulle mog ook die Pasga saamvier, op voorwaarde dat hulle besnede was (Ex 12:48; Num 9:14).

Sodat die mense op aarde u weg ken (Ps 67)

Die belofte aan Abraham kry ’n nuwe dimensie toe die tempel gebou is. Want nou klink die verwagting steeds harder dat die heidene ooit na die tempel sal kom om God daar te aanbid (bv. Jes 2:2-4). Dink ook aan die missionêre verwagting wat Salomo

by die inwyding van die tempel uit-spreek: “Ja, ook na die uitlander wat nie van u volk Israel is nie, en uit ’n ver land ter wille van u Naam kom – want hulle sal hoor van u grote Naam en u sterke hand en u uit-gestekte arm – as hy kom en bid na hierdie huis toe, wil U dan hoor uit die hemel, u vaste woonplek, en doen volgens alles waaroor die uitlander U sal aanroep, sodat al die volke van die aarde u Naam mag ken, om U te vrees soos u volk Israel ...” (1 Kon 8:41-43). Hierdie verwagting klink in allerlei toonaarde in die Psalms. Dink aan Ps 67 en Ps 87. Dink ook aan die profesieë van Jesaja, wat nie vir misverstand vatbaar is nie: “En die uitlanders wat hulle by die HERE aangesluit het, om Hom te dien en om die Naam van die HERE lief te hê deur sy knegte te wees ... hulle sal Ek bring na my heilig berg, en Ek sal hulle vreugde laat smaak in my huis van gebed ... want my huis sal ’n huis van gebed genoem word vir al die volke.” (Jes 56:6-7). Hier klink reeds in die Ou Testament dit wat Christus later vir sy dissipels sou sê, dat Hy nog skape het wat nie van hierdie kudde is nie, wat Hy ook in die stal wil bring (Joh 10:16).

My volk – nie my volk

Volgens die oordeel van die profete het die uitverkore volk in die dae van die konings afgewyk van hulle missio-nêre roeping. Die profeet Hosea kondig daarom met harde woorde God se oordeel aan. Hy sal Hom nie langer oor hulle ontferm nie. God gaan selfs so ver dat Hy sy verbond opsê, wanneer Hy nadruklik afskeid neem van Israel, bv. in Hos 1:9 - “Noem hom Lo-Ammi, want julle is nie my volk nie, en Ek sal nie julle s’n wees nie.” Dit wil egter nie sê dat God se bemoeienis met die mensheid tot ’n einde gekom het nie. Hosea profeteer verder van ’n heilstyd in die toekoms. Die ongehoorde gebeur! Heidene word nou God se volk genoem! Dink aan wat Paulus skryf: “Soos Hy ook in Hosea sê: Ek sal die wat nie my volk is nie, my volk noem; en haar wat nie bemin is nie, beminde; en in die plek waar aan

hulle gesê is: Julle is nie my volk nie! – daar sal hulle genoem word kinders van die lewende God.” (Rom 9:24-26). Hierdie toepassing van Paulus is opmerklik. Waar in die oorspronklike konteks Hosea hierdie belofte betrek het op die wederaanneming van die verstote verbondsvolk Israel, brei Paulus in die lig van Christus se onderwys die kring van die verbond uit ook na nie-Jode. “So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God.” (Ef 2:19). Dit geld vandag dus net soveel vir ons. Dit het die Here behaag om ook Germane, en die volke aan die suidpunt van Afrika, op te neem in sy heilsplan.

Nou is dit ’n feit dat hierdie nuwe beweging in die heilsgeskiedenis op baie verset gestuit het onder die Jode. Ook by die Jode wat Christene geword het. En ons moenie vergeet nie dat hulle hul besware ook nog kon baseer op die Skrif self! Israel het meer reg van spreke gehad om moeilik te wees oor die toetreding van ons – heidene – tot God se volk, as wat ons belemmerings na vore kan bring vir toetreders wat vandag by die kerk aanklop.

Genade is gratis

Dis nie verbasend dat daar in die eerste gemeente in Jerusalem hewige stryery geheers het oor die ‘Joodsheid’ van die Christelike geloof nie. Baie Nuwe Testamentiese briewe (bv. Galasiërs en Efesiërs) moet teen hierdie agtergrond gelees word. Ook die vergadering waarvan ons lees in Hand 15 (die sg. Apostelkonvent) het hom oor hierdie problematiek gebuig. Wat is die posisie van die heiden-Christene in die volk van God? Watter bepalinge moet hulle onderhou? Watter nie? Moet hulle besny word? Moet hulle die spyswette nakom?

Miskien word dit vandag weer tyd vir ’n soortgelyke vergadering in die kerke. ’n Diep geestelike gesprek, waarin die vraag eerlik op tafel kom wat ons (as gevestigde kerklede) van nuwe Christene kan verwag en wat nie. Wanneer ons nuwe Christene

sommer net wil inpas in die denke en handelswyse waaraan ons in die kerk gewoond is, sou dit miskien so kon wees dat dieselfde verwyt ons gaan tref as wat die Christen-Jode in die Nuwe Testament getref het. Naamlik dat hulle hul heidenbroers en –susters nie wou aanvaar soos hulle was nie. Dat hulle vergeet het dat God ooit ook met hulle begin het net soos hulle was: “maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog son-daars was.” (Rom 5:8). God verwag nie van ons om eers ’n vloertjie te lê van goeie werke nie (korrekte taal-gebruik en korrekte etiese gedrag), maar God begin met ons daar waar ons is, sonder om ons daar te laat. Genade kan op geen enkele manier verdien word nie. God bewys genade soewerein en liefdevol. Juis Gereformeerdes sou hierdie waarheid moet uitleef en vurig verdedig. Dit beteken konkreet dat ons aan toetreders in die kerk(verband) geen hemelhoë eise mag stel, of gedragsaanpassings moet opdra, met die implikasie dat God slegs dan iets met die persoon kan begin nie. Of, om dit anders te stel, iemand wat soekende is moet welkom wees in die gemeente, sonder voorwaardes vooraf. Dit beteken nie dat daarmee sy lewenshouding goedgekeur word nie, maar dat die gemeente wel dáár begin waar die ander is. Deur verkondiging én toepassing van die Woord in die lewens van die gemeentelede sal die soekende vervolgens uitgenooi en aangespoor word om die evangelie ook in sy lewe toe te pas.

Op dieselfde manier as hulle

Daar was in die vroeë kerk ’n groep Judese Christene wat daarvoor gepleit het dat die toetreders uit die heidene tot die kerk ook besny moes word. Ons lees in Hand 15:1-2 hoe fel Paulus en Barnabas hierteen in verset gekom het. Vanuit Joodse oogpunt was hierdie verset logies. Het hulle dan nie die Tora aan hulle kant gehad nie? Daar staan mos: “Dit moet een insetting vir julle wees, vir die vreemdeling sowel as die kind van die land.” (Num 9:14). Jesus

was self mos ook besny, en nêrens het Hy gesê dat dit afgeskaf moes word nie. Toe dit blyk dat die Judese Christene en Paulus en Barnabas nie tot 'n vergelyk kon kom nie, het hulle 'n vergadering byeen geroep in die moederkerk in Jerusalem, saam met die apostels en die oudstes. Ons lees daarvan in Hand 15. Dit was dalk die belangrikste vergadering (sommiges noem dit die eerste sinode) in die geskiedenis van die kerk. Die bewuste vergadering het met veel verskil van mening begin. Was dit geoorloof dat die sendelinge – Paulus byvoorbeeld – soveel voorskrifte en wette aan die kant kon skuif, net om nuwe mense te ontvang en in te lyf? Ons sien dan dat Petrus op 'n stadium die woord neem. Sy toespraak bevat drie kernelemente, wat as uitgangspunt moet dien in die benadering van belangstellendes en toetreders tot die kerk:

God ken die harte (Hand 15:8). Slegs God kan 'n mens se binneste peil en deursien. Dit moet ons nederig maak en ons nie te ligvaardig laat oordeel oor toetreders tot die kerk nie.

God het aan hulle die Heilige Gees gegee, net soos aan ons (Hand 15:8). Ons dink dan hoe die Heilige Gees op heidene uitgestort is (bv. in Hand 10 op Cornelius en sy huis), net soos op die Jode op die Pinksterdag (Hand 2).

God het geen onderskeid gemaak tussen hulle en ons nie en het deur die geloof hulle harte gereinig (Hand 15:9). Die besnydenis was die teken van reiniging van die vlees. Hulle harte is gereinig, nie deur die besnydenis nie, maar deur die geloof.

Petrus eindig sy toespraak met 'n oproep wat op verbluffende wyse die saak heeltemal omdraai! Hy konfronteer die kerk in Jerusalem met die diepste kern van die geloof: “Nou dan, waarom versoek julle God deur op die nek van die dissipels 'n juk te lê wat ons vaders en ook ons nie in staat was om te dra nie? *Maar ons glo dat ons deur die GENADE van die Here Jesus Christus gered word op dieselfde manier as hulle ook.* En die hele menigte het geswyg”

(Hand 15:10-12). Dit was wat 'n mens sou noem 'n heilsame stilte! Die gemeente in Jerusalem, met al hulle goeie werke, met al die bepalings wat hulle onderhou het (waaronder die besnydenis), mog weer opnuut onder die indruk kom dat hulle redding slegs rus op God se genade. Hulle word dus op presies dieselfde manier as ‘daardie slegte heidene’ gered.

Die eerstes en die laastes

Daar is enkele gelykenisse waarin die Here Jesus aandag skenk aan die inlywing van nuwe mense in die verbondsvolk. Hierdie onderwys van Jesus vorm die basis vir die latere optrede van die apostels, soos ons daarvoor in bv. die boek Handeling lees.



Die twee seuns

In Lukas 15:1 word vertel dat al die tollenaars en sondaars na Jesus gekom het om na Hom te luister. Dit het tot gevolg gehad dat die Fariseërs en Skrifgeleerdes begin kla het: Hierdie man ontvang sondaars en eet met hulle. In hulle opmerking het hulle duidelik gemaak dat daar – wat hulle betref – 'n skerp skeiding is tussen ‘sondaars’, mense met 'n lewenstyl wat nie volgens die wet is nie, en hulleself. Dit is in hierdie konteks - die verwyt van die teoloë en kerklike leiers van daardie tyd aan sy adres - dat Jesus dan die gelykenisse van die verlore skaap, die verlore penning en die verlore seun vertel. In die eerste twee lê die nadruk op die blydskap wat daar is wanneer iets teruggevind word. In die derde gelykenis kom daar 'n element by. Die blydskap oor die terugkoms van die verlore seun is nie onverdeelde nie. Die pa en sy

knegte is bly, maar die oudste seun allesbehalwe. Die konteks nooi ons uit om 'n parallel te trek tussen die jongste seun en die ‘tollenaars en sondaars’ van Luk 15:1 aan die een kant en die oudste seun en die Fariseërs aan die ander kant, wat alreeds hulle oordeel oor die sondaars gevel het. Soos 'n skrywer (Henri Nouwen) oor hierdie gelykenis gesê het: ‘Die verlorenheid van die jongste seun is heel deursigtig. Maar die verlorenheid van die oudste seun is moeiliker om te onderken. Na buite toe was hy 'n seun sonder foute. Maar noudat hy gekonfronteer word met die vreugde oor die terugkoms van sy jongste broer, wel daar duister kragte in hom op. Ineens word hy 'n heel ander mens: gebelgd, trots, onsimpatiek, selfsugtig.’ Dit bring ons tot die besef dat die teenstelling tussen hierdie twee seuns nie dié is tussen 'n sondige en 'n sondelose mens nie, maar tussen twee mense wat elk op 'n ander manier sondig is. Hulle word albei bemin deur hulle pa, maar hulle reageer verskillend daarop. Die oudste het die houding dat hy eintlik nooit ontvang het wat hy verdien het nie. Hy maak sy pa (= God) eintlik tot sy skuldenaar.

Hoewel ons dit miskien nie altyd erken nie, is die natuurlike posisie van 'n kerkmens nader by die oudste seun as by die jongste. Ons het God nou al soveel jare gedien. Ons is die werkers van die eerste uur. En dan kom die jongste seun tuis, wat sy pa se geld geblaas het, en pa ontvang hom met ope arms!? Sodanig selfs dat dit lyk of ons troue diens geen enkele gewig dra nie. En presies so! Ons troue diens dra geen gewig nie. Word hier nie die valsheid van baie godsdiens ontmasker nie? 'n Fatsoenlike gedrag vertoon na die buitewêreld en mekaar, maar in feite jaloers wees op die jongste seun. 'n Kind wees, maar jou as slaaf gedra. Die houding van die pa is dan, vergeleke by die berekendheid van die oudste seun, amper naïef. Pa is bly, meer nie. Hy hou van altwee sy seuns en dit lyk asof hy nooit daarby stilgestaan het dat sy oudste seun

moontlik nie gelukkig kon wees nie. Kind, jy is mos altyd by my! Met ander woorde, ons kerklidmaatskap is nie 'n posisie op grond waarvan óns God tot ons skuldenaar kan maak nie. Dit is 'n ontvange voorreg, des te meer rede om sy goedheid te prys.

Die werkers van die laaste uur

Die gelykenis van die arbeiders in die wingerd (Matt 20:1-16) gaan oor 'n soortgelyke tema. Die huisheer betaal hulle wat slegs 'n uurtjie gewerk het net soveel as hulle wat die hele dag geploeter het. Opnuut dring 'n eerlike vergelyking die meeste van ons daartoe om in die werkers van die eerste uur onself as gevestigde kerkmense te sien. En opnuut word ons verras deur die houding van die huisheer in sy totale

openhartigheid. Kon hy byvoorbeeld nie die moeggewerkte arbeiders 'n bietjie ontsien het deur hulle eerste te betaal en hulle nie te 'konfronteer' met sy goedheid oor dié wat maar net 'n uurtjie gewerk het nie? Maar nee, hy betaal eers hulle, en wek daardeur valse verwagtings by die eerstes. Of was dit bewus? Wou die huisheer juis dat hulle aanwesig was, sodat hulle kon sien hoe goed hy is en hulle daarin kon verbly? Is jou oog boos, omdat ek goed is (vers 15)? In die vraag hoor ons verbystering.

Gevestigde kerkmense dank ook hulle redding aan die genade van God. Gevestigde kerkmense is ook toetreders in die verbond. *Ons konklusie is daarom: vanuit 'n Teosentriese houding (aan God die*

eer) sal gevestigde Christene nuwe toetreders in die gemeente welkom mag heet en begelei. En dit nie uit die hoogte nie, maar as medesondaars en medebegenedigdes. Daarby sal gevestigde Christene hulle eie (kerklike) kultuur nie mag verabsoluteer of voor God se werk inskuif nie.

In die volgende artikel hoop ons te kyk na watter riglyne die Nuwe Testament bied om op hierdie manier kerk te wees: wesentlik uitnodigend na sondaars en ongelowiges toe.

N.a.v. S. Paas: "De werkers van het laatste uur. De inwijding van nieuwkomers in het Christelijk geloof en in de Christelijke gemeente." (Zoetermeer 2003) ✠



FOLMER BOEKHANDEL

**19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika**


**Tel 012 329 0031
Faks 012 329 5927**

VAN BRUGGEN, J: The Sermon on the Mount – a travel guide for christians is 'n vertaling van die bekende boek van prof Van Bruggen: De bergrede - reisgids voor Christenen. 'This book offers an exegetical discussion of Matthew 5 to 7. Every passage is discussed in terms of the core of Jesus' teaching as it applies to Christian practice.' 92 ble. R95

ANDREWS, E.H.: Christ and the Cosmos In this, prof Andrew's latest work, he moves on from the basic evolution/creation debate to examine our whole concept of the creationist position. Can creationism be proved by scientific evidence? Indeed, how much

weight should we give to scientific findings in relation to biblical teaching?

Prof Andrews contends that if our concept of the cosmos is to be a true one, then the Christ of the Bible must be at the centre of our thinking. Any theory of origins, whether scientific creationism or evolution, that fails at this point is equally false. Only in Christ, the Creator and Sustainer of the universe, can Christian faith find its ultimate and glorious fulfilment. 128 ble. R87



WESTERINK, J: Joël en Amos – Profeten van het recht van God. Hierdie is 'n reeks radio Bybelstudies wat in boekvorm saamgevat is. Die belang van die oordra van die kennis van God se daad in die geskiedenis van geslag tot geslag word deur die profeet Joël beklemtoon. "Genade is nie erfgoed nie," maar die HERE, die God van Israel, werk nietemin juis ook deur die lyn van die geslagte. 110 ble. R 89.90

DOUMA, J: Scheuring, ballingschap en herstel (Die vierde deel in die reeks: Gaan in het spoor van het Oude Testament). Dit handel oor die Tien- en Tweestammeryk, die ballingskap en die terugkeer met Esra en Nehemia. 127 ble. R99.80

Ander takke van Folmer Boekhandel:

Kaapstad
Folmer Boekhandel
(Petro Drijfhout)
Bondstraat 7
Oakdale, Bellville
7530
Tel 021 – 948 5883

Pretoria
Rooiels Boekhandel
(Irene van der Meer)
Laseandralaan 115
Môregloed
0186
Tel 012 – 333 8064



Aantekeninge by die onkerkregtelike aandrang op vrouediakens

– Skrif, belydenis en kerkorde in gedrang

Ds. JA Breytenbach

KERKNUUS

Handhawing van beswaarskrif

Die sinode van die GKSA van Januarie 2006 het twaalf beswaarskrifte oor die besluit van die sinode van 2003 om vroue tot die diakenamp toe te laat, in behandeling geneem. Vier kommissies het dit bestudeer om verslag aan die sinode te doen. Die eerste beswaarskrif waarvoor verslag gedoen is, was deur die betrokke kommissie verkeerd beoordeel as gevolg van 'n verkeerde aanhaling en beredenering van 2003 se besluit oor vroue as diakens. Die sinode het besluit dat die besluit van 2003 oor vroue as diakens in stryd met artikels 31 en 46 geneem is. Artikel 31 reël dat: "Wat op 'n kerklike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, moet as vas en bindend beskou word, tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde ..." Artikel 46 reël dat: "Sake vir behandeling op meerdere vergaderings moet nie opgestel word voordat die besluite van die voorgaande sinodes oor die voorgestelde punte nagegaan is nie, sodat wat eenmaal afgehandel is, nie weer voorgestel word nie tensy dit noodsaaklik geag word om iets te verander". Die 1988-sinode het destyds besluit dat vroue in die amp onskriftuurlik is. Die 2003-sinode het egter nie langs die weg van artikels 31 of 46 uit die Skrif bewys dat die besluit van 1988 hersien word nie, maar onafhanklik daarvan 'n besluit geneem wat dus teen die besluit van 1988 ingaan.

Met die besluit van die sinode van 2006 om die beswaar te handhaaf, is die besluit van 2003 verwerp. Daarmee was dit ook nie nodig om die ander beswaarskrifte teen die vrou in die diakenamp te behandel nie. Die

bespreking voor die stemming was saaklik en persone is nie aangeval nie en 'n mooi gesindheid van respek en wedersydse vertroue was waarneembaar. Die besluit wat geneem is (2006) was wel met 'n klein meerderheid stemme. Enige sinodebesluit behoort egter aanvaar te word as 'n besluit van die kerke gesamentlik.

Leiding deur sinode

Feitlik onmiddellik nadat die besluit geneem is, was daar deur sommige in die vergadering reaksie. Die vraag is: hoe gemaak ten opsigte van vroue wat reeds die afgelope tyd in die diens van diakens is? Uit gesprekke wat tussen die sittingstye meegemaak is, het dit duidelik geword dat emosies oor die saak van die voortsetting van die vrou in die diakenamp opgewek is. Die sinode het 'n kommissie aangewys om die vergadering te adviseer oor verdere optrede in die lig van die besluit. Daar is toe besluit om enersyds Studiedeputate aan te wys en andersyds die kerke te adviseer oor vroue wat op grond van die besluit van 2003 in die diakenamp dien. Studiedeputate het opdrag ontvang om die (algemene) sinode van 2009 op Skrifgronde te adviseer of vroue in die amp van diakens en/of ander georganiseerde vorme van diakonale dienswerk kan dien, met inagneming van alle sinodeb besluite oor die saak. Duidelike (Skrif)gronde moet aangedui word indien enige sinodebesluit verander moet word. 'n Weg is aangedui om vroue te begelei wat reeds in die diakenamp dien, en kerke word vermaan om vir uitsluitel te wag voordat vroue verder as diakens groep word.

Reaksie

Dit was nie vir almal voldoende nie. Die media, ampsdraers en lidmate



sowel as persone buite die kerke (bekendes en minder bekendes) het wyd en syd heftig reageer. Sommige vroue wat voorstanders van vroue as diakens is, het in die openbaar hulle ontsteltnis met die besluit te kenne gegee. Vir baie was die besluit van die sinode 'n kerkordelike of *kerkregtelike* regstelling en nie 'n *Skriftuurlike* regstelling nie. (Kerkreg en die regte Skriftuurlike begroning kan egter nie so maklik van mekaar geskei word nie – dink maar aan die Vrymaking van 1944). As kerkreg nie op die Skrif begrond word nie, maar in registerme beskryf word met 'n lewe naas die Skrif, word Christus se reg nie gedien nie. Dan kan gevra word hoe belangrik is die leer van die kerk vir die gemeente vandag, want kerkreg wat nie gegrond is op die leer van die Skrif nie, is geen *kerkreg* nie.

Verklaring

'n "Verklaring" deur 'n aantal predikante oor die vrou in die besondere ampte het ook kort na die afloop van die sinode verskyn. Die dokument is verdeel in twee dele – a. die saak waarvoor hulle dit het en b. hulle verklaring (*Die Kerkblad* van Maart 2006). Die taal wat gebruik word, is meevoerend en selfs aktivisties, met opvoering van geykte begrippe en slagspreuke. Ter illustrasie 'n aanhaling van die inleidende gedeelte: "Die reg van vroue om God in die besondere ampte te dien, is geen mensereg nie. Dit is geen geslag se reg nie. Dit is nie vergunning van 'n

sinode wat dan gegee en vervolgens geneem kan word nie. Dit is en bly die reg van Christus alleen. Hy het dit aan die kruis verdien.”

Die probleem met hierdie verklaring is dat dit onkerkregtelik van aard is, dit gaan duidelik nie die kerklike weg van ratifisering deur die kerkraad nie. Beswaarskrifte word nie voor die meerdere vergadering gebring nie. Die term “reg” word van sy Skriftuurlike betekenis ontnem. Van buite af klink dit nog na aansluiting by die belydenis, maar die rigting en strewe is die reg van vroue wat self gedefinieer word. (Dit is ‘n onskriftuurlike werkwyse wat gevolg word en vanuit gereformeerde belydenis oor Christus se regering van sy kerk mag kerkreg en saak ook hier nie geskei word nie.) Die ondertekenaars sê hulle word nie gedryf deur Skrifkritiek, feminisme, liberalisme of ‘n drang om die kerk te skeur nie. Hulle beredenering word gesien as ‘n gevolg van die Reformasie. Hulle wil hulle voeg by gereformeerde kerke oor die wêreld. Hulle staan op vir gelowiges wat na dertig jaar van studie oor die vrou in die amp gefrustreerd is oor die inkonsekwensies ten opsigte van sinodebesluite, Skrifuitleg en hantering van die kerkorde as ‘n kerkwet. (Die ondertekenaars hanteer egter self die kerkorde op ‘n formalistiese wyse, as wetboek en nie as akkoord van samelewing, nie as afspraak van kerke met mekaar nie, om mekaar in die eenheid van die geloof en die opbou van elke gemeente te dien nie.)

Skrifuitleg

In die voorbeelde van inkonsekwente Skrifuitleg waarop hulle wys, oortuig hierdie predikante nie. Hulle redeneer vanuit ‘n veronderstelling van die verdiende hoofskap van Christus, wat enersyds die spesifieke besonderhede van elke teks voorskryf, (maar nou bepaal die uitlegger in elke teks wat die konsekwensie van Christus se hoofskap is), en waar die eksegeese andersyds vanuit tekste wat die aktiwiteit van vroue in die gemeente aanraak, voorgeskryf

word. Dit is ‘n verskralende metode, want daar word nie in aansluiting met die praktyk in gereformeerde kerke ‘n aantal tekste geneem, volhoudend eksegeese gedoen en dan tot gevolgtrekkings gekom nie, sodat die Skrif met Skrif vergelyk word en die Skrif spreek nie. Wantroue en verdagmakery word gesuggereer: “... en of dit eerder gaan om die gesag en die mag van mense wat slim en willekeurig toegepas word.”

Die beswaardes se Skrifbeskouing ly aan ‘n aantal inkonsekwentheid. Die direkte opdrag van die Here in die Skrif word afgewys by hulle wat die vrou in die diakenamp afkeur. Maar dan neem hierdie predikante wel op die klank van woorde af dit op vir vroue in die diakenamp. Voorts word die motivering van die vrou in die amp daarin gevind dat die Skrif dit nie woordeliks sou afwys nie.

Die saak van die taak wat die Here die vroue gee en die saak van die amp kom glad nie tot hulle reg nie. Die beswaardes se opvatting dat vroue normaalweg in die Ou Testament en “in die tyd” van die Nuwe Testament in besondere ampte sou dien, is eenvoudig nie waar nie.

Suiwer bedoelings

Heel maklik word telkens herhaal dat voortdurende reformasie moet plaasvind en dit word dan toegepas op hierdie spesifieke lees van die Skrif. Die oproep om reformasie word so ‘n vaandelwoord sonder die nodige onderbou. Die beswaardes wil op hul suiwer bedoelings beoordeel word en wil nie met ‘n ander hermeneutiek as ‘n gelowige en suiwer gereformeerde hermeneutiek werk nie, maar doen dit tog wanneer die Skrif gebruik word om verandering te propageer en dit boonop reformasie genoem word. Vir hulle is ontwikkeling in teologiese denke uit die aard van die saak positief, hulle wil selfs leiding gee in die ekumene. Die afleiding kan gemaak word dat, ten spyte van die afwysing van die Skrif, hulle vind dat die tyd waarin ons leef, hervertolking vereis, sonder dat hulle meen dat hulle die Skrif verlaat. Hier-

in dui die dokument ‘n selfoorskating aan wat in stryd is met die ou leer van die evangelie. Die vraag is dan of die buitelandse gereformeerde kerke wat die vrou in die diakenamp afwys, en die GKSA broederlik gewaarsku het, swak eksegeese gedoen het. Die kerke word nie vanuit die Skrif weerlê nie.

In die tweede gedeelte word daarvan uitgegaan dat *God roep man of vrou* en *dan* mag die persoon amptelik bevestig word. Roeping kom van God, maar staan nie teenoor of los van die roeping deur die gemeente nie. Daar word voorts geredeneer dat geen sinode tot op datum ‘n prinsipiële besluit oor die saak geneem het nie – die besluit van 2006 was slegs op ‘n “tegniese” punt. Hierby word artikel 30 en die kerkraad ingebring – *nie op ‘n kerkordelike wyse nie*, maar op ‘n *independente wyse*. Gevolglik gaan bevestiging van vroue as diakens voort en deur sommige selfs as ouderlinge. En dan word daar medelydend tot die vroue gespreek asof hulle *vervolg* word. (Die pastorale werkwyse wat in uitvoering van die sinodebesluite vanuit die Skrif leiding gee, word nie hier uitgewerk nie.)

Perspektief van die professore

In *Die Kerkblad* van Maart 2006 gee die meeste van die professore ‘n perspektief oor die saak van die vrou in die amp van diaken. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat dit ‘n poging is om die vrede in die kerke te herstel. Aan die een kant: die sosiale vereiste van die tyd word aangewys asook wat die Here gee aan gawes vir vroue in die samelewing en per implikasie ook in die kerk. Aan die ander kant: die vermaning van afgevaardigdes van ander gereformeerde kerke wat gewaarsku het om die ampte nie oop te stel nie, het nie op dowe ore geval nie. Nou is dit tog jammer dat die professore nie hierby aansluit nie, maar die saak afmaak deur tot die gevolgtrekking te kom dat die buitelandse kerke in eie geleedere oor die saak verdeeld is. Hierdie buitelandse afgevaardigdes sou die verdeeldheid

Die Markus-Evangelie

Ds Willem Griffioen

VENSTER OP DIE BYBEL

1. Genre en doel

In die gewone literatuur ken ons verskillende genres. Soos byvoorbeeld poësie, wetenskapsfiksie en (outo)biografieë. In die Bybel vind ons vier boeke wat ons *evangelies* noem. Hulle het natuurlik 'n aantal kenmerke van 'n biografie. Hulle beskrywe mos dele van Jesus se lewe. Maar by Markus bemark 'n mens dadelik dat die woord *biografie* nie die beste aanduiding is nie. Dit gaan nie sommer maar net oor die lewe van Jesus nie. Dit blyk duidelik juis by Markus. Niks oor sy geboorte in Betlehem nie, niks oor sy ouers nie, niks oor die vlug na Egipte nie, niks oor sy jeug nie. In 'n biografie sou 'n mens juis dit verwag.

in hulle groetboodskappe verswyg het – 'n aantying wat vertrou in die eenheid van die evangelie nie bevorder nie.

Besluit

Die verklaring deur die 36 predikante sowel as soveel ander reaksies, waaronder die perspektief deur die dosente, is myns insiens nie bevorderlik vir die eenheid in Christus van die kerke met mekaar en in elke kerk afsonderlik nie. Dit hol die besluit van die sinode wat kerkregtelik van aard was, maar duidelik die waarheid en eenheid van die Christusregering bewaak het, uit. Dit is duidelik dat die Skrif vanuit verskillende veronderstellings gelees word, en dat die leer van die Christelike kerk nie eenstemmig waardeur word nie. Hierdie verdeeldheid kan nie gesystap word nie en moet dringend onderling gepeil en mee afgereken word. Anders word ten diepste die afspraak wat die kerke met mekaar op 'n kerkordelike weg gemaak het, bevraagteken en is daar in wese nie meer een kerkverband nie. As daar nie instemming en eenheid oor die Skriftuurlike leer is nie, sink die kerkreg. ✠

Vir Markus gaan dit oor iets anders. Die doel is onmiddellik duidelik, in vers 1: *evangelie*. Markus val met die deur in die huis. Hy is die bringer van goeie nuus, sy boek bevat 'n blye boodskap. En hierdie boodskap is 'n persoon: Jesus Christus, die Seun van God.

Markus is haastig om by die kern uit te kom. Baie kortliks maak hy enkele vooropmerkings oor die optrede van Johannes die Doper, die doop van Jesus en die versoeking in die woestyn. En dan word dadelik ook die doel duidelik in Markus 1:14 en 15. Jesus self tree op met 'n duidelike boodskap – Hy verkondig die Koninkryk van God. Daardie Koninkryk het gekom in Jesus self. Die Here Jesus self vertel die doel (1:15): *Bekeer julle en glo die evangelie*.

Daar word baie gepraat, geskryf en geredeneer oor Jesus. En ons neem almal daaraan deel. 'n Groot deel van sy onderwys laat ons ongemaklik. Jou vyande liefhê, jou vervolgers seën. Die Here Jesus self gee nie ruimte vir redenasie nie. Dit kom neer op bekering en geloof. En daardie geloof is gerig op Jesus self.

2. Die Koninkryk van God

Geen woorde nie, maar dade. Dit is van toepassing op die Markus-evangelie. In vergelyking met die ander evangelies, lees ons min oor die onderwys van Jesus en al die gesprekke wat Hy gevoer het. In hierdie kortste evangelie kom des te sterker na vore dit wat Jesus gedoen het. Dit wat Hy gedoen en geleer het, het alles te make met die Koninkryk van God.

Kyk ons net na die verhale in Markus 1 tot 3, dan sien ons reeds die vele aspekte van Jesus se werk. Die Koninkryk van God wat gekom het, het beteken:



Onderwys met gesag (1:22). Jesus het nie gekom met 'n interpretasie van die wette van Moses nie (daarmee het die wetsgeleerde hulself besig gehou). Hy het geleer met gesag; Hy het Homself bo die wette van Moses gestel, geleer met Goddelike gesag.

Onreine geeste het hul aan Hom onderwerp (1:25-27). Die versoeking in die woestyn het misluk. Satan probeer Jesus se werk te ondermyn deur duiwels wat hulself manifesteer en Jesus se bediening wil versteur. Maar Satan verloor en moet die aftog blaas. Die mense is beïndruk!

Die Koninkryk van God wat Jesus predik en demonstreer, blyk uit die genesing van talle siekes (1:32).

Jesus genees nie net siekes nie, maar toon die diep Goddelike Vaderliefde in die reiniging van die melaatse. Die mense het die siekes na Jesus toe gebring. Maar die melaatse moes self na Jesus toe gaan. Niemand het daaraan gedink om hierdie mense, met hul aansteeklike siekte en deur God verstoot (vgl. Lev 13 en 14, melaatsheid as ergste vorm van onreinheid), by Jesus te bring nie. Die melaatse is die eerste gelowige, want hy kniel voor Jesus, aanbid Hom en bely sy geloof: *As U wil, kan U my reinig*. Jesus het innig jammer vir hom gevoel!! Jesus het die melaatse aangeraak!! Hoe lank gelede is dit nie dat 'n mens hierdie melaatse aangeraak het nie. Wat 'n liefde! Aan die stuur van die Koninkryk van God heers Koning Jesus. Hy heers in liefde en ontferming.

Elke verhaal voeg iets nuuts daaraan toe. Behalwe vir die leer met gesag,

die uitdryf van duiwels, genesings en die betoning van diepe liefde, het Jesus ook Goddelike gesag om sondes te vergewe (2:5). Volgens die gevestigde orde van die Fariseërs word dit nou godslasterlik. Net God kan mos sondes vergewe?

Vervolgens verbreek Jesus die godsdiensstige orde en stel elke leë en hartelose wettisisme aan die kaak. Ek het gekom om sondaars te roep (2:17). En dit is 'n bewuste uitlokking (3:1-6) as Hy 'n man met 'n verdorde hand op die sabbat genees, en dit nogal in die sinagoge. Vir die Fariseërs is dit nou duidelik. Jesus moet uit die weg geruim word (3:6).

Die Markus-evangelie is vol energie en dinamiek, en ons vind dikwels die woord *dadelik*. Jesus werk aan 'n doelgerigte program in opdrag van sy Vader. In alles toon Jesus hoe allesomvattend die Koninkryk van God is. Op elke terrein van die lewe (siekte, gebondenheid, wettisisme, sondes, die dood) bring Hy herstel en vernuwing.

2. *Die evangelie gaan verder tot vandag toe*

'n Belangrike lyn in Markus is dat die Koninkryk van God, wat in Jesus gekom het, nie stop met die hemelvaart van Christus nie. Dit gaan verder. Vanaf die heel eerste begin sorg die Here Jesus daarvoor dat daar oor- en ooggetuies is (1:14-20). Maar hulle is meer as net leerlinge en getuies. Soos wat Jesus gepreek, duiwels uitgedryf en siekes genees het, so moet die dissipels uitgaan (6:7, 12, 13). Hulle word apostels (gestuurdes) wat met dieselfde prediking en dieselfde gesag optree. Jesus die Koning gee koninklike gesag aan sy ambassadeurs. Uit Markus 16 blyk dat dit ook nie by die apostels ophou nie. Tot vandag toe is die opdrag: *Gaan die hele wêreld in verkondig die evangelie aan die ganse mensdom* (16:15). Die Here Jesus belowe dat, as die kerk aan hierdie opdrag getrou is, dan sal daar ook tekens volg (16:17, 18, 20). Hyself staan borg dat sy werk voortgaan. Want Hy is opgeneem in die hemel en het daar gaan sit aan die regterhand

van God (16:19). Hy is met majesteit en mag beklee. Hy is en bly die lewende Here Jesus Christus wat vanuit die hemel, deur middel van die kerk, sy werk voortsit. Ons wag nog op die voltooiing en volkome deuringering wanneer die Here Jesus terugkom.

3. *Nie 'n eenvoudige suksesverhaal nie*

Wie hierdie artikel tot sover gelees het, kan begin dink dat dit een groot suksesverhaal is. Maar Markus toon ook 'n ander lyn. Jesus is die lydende Christus. Die gelykenis van die saaiër (Markus 4) is nie sommer 'n algemene verhaal wat ons direk op ons evangelisasiewerk toepas nie. Dit is ook die tussenbalans van Jesus se werk op daardie oomblik. Massas mense het agter Hom aan getrek, sy onderwys gehoor en hul siekes laat genees. Maar baie saad het tog op harde grond geval, baie mense wat Jesus nie verstaan het en nie geglo het nie (o.a. baie Fariseërs). Baie mense was vir 'n rukkie entoesiasties (wonderlik as jy genesing ontvang), maar dit het nie gegroei tot ware geloof nie. Jesus was soms verbaas oor die groot ongeloof (6:5, 6). En dit mag ons ook verbaas. Hoe is dit moontlik dat die in liefde en ontferming Volmaakte, vol van vergewing, genesing en bevryding, soveel verset en ongeloof teëgekome het. Baie sou later skree: Kruisig Hom! Die dissipels word ook op hierdie afwysing voorberei (6:11).

Ook hierdie lyn word voortgesit tot vandag toe. As die Here Jesus soveel verset, ongeloof en onwil teëgekome het, laat ons as kerk dan nie verbaas wees as dit vandag nie anders is nie (vgl. Mark 13).

In hierdie kortste evangelie word baie aandag gegee aan die lyde en sterwe van die Christus. In hoofstuk 10 vers 1 begin die reis na Judea en die doel van die reis word Jerusalem (10:32). Die Here Jesus gaan doelgerig op pad na sy grootste taak: om te sterf op Golgota vir die sondes van die wêreld (kyk bv. 14:8, 22-25).

4. *Die skrywer*

Die skrywer is Markus. Wie is hierdie Markus? Die Markus wat ons uit die Bybel ken, is 'n man wat in Jerusalem gewoon het. Sy moeder het ná Pinkster haar huis oopgestel vir byeenkomste van groepe gelowiges (Hand 12:12). Dit is hierdie Markus vir wie Paulus en Barnabas op hul reis saamgeneem het (Hand 12:25, 13:5). Omdat hy tydens die eerste reis omgedraai het, wou Paulus nie vir Markus op sy tweede reis saamneem nie. Maar uit 2 Timótheüs 4:11 blyk dit dat hierdie Markus baie vir Paulus tot diens was. Kennelik het daar versoening plaasgevind. In 1 Petrus 5:13 noem Petrus vir Markus sy seun. Ons weet nie wat Markus self direk van Jesus gesien en gehoor het nie. Maar hy het wel 'n noue verbintenis gehad met die oor- en ooggetuies en die leiers van die eerste uur. 'n Ou oorlewering van Papias (in die jaar 135) vermeld: "Markus, as tolk van Petrus, het noukeurig op skrif gestel alles wat hy kon onthou van die woorde en dade van die Here, hoewel nie in die regte volgorde nie." As daarvan uitgegaan word dat Papias die regte inligting deurgegee het, dan het Markus dus veral die prediking van Petrus vasgelê. Ons glo dat God hierdie evangelie aan ons gegee het. Ons glo dat die Here sy Gees aan die Bybelskrywers gegee het om te skryf wat Hy wou hê. Tegelykertyd mag ons sê: Markus gee 'n betroubare verslag van dit wat Jesus gedoen en geleer het. Miskien was hy self 'n oor- en ooggetuie, en indien hy dit nie was nie, is sy verslag gebaseer op die verhale van die werklike oor- en ooggetuies.

Laat ons die oproep daarom ernstig opneem (1:15): *Die tyd is vervul en die Koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie.*" Hierdie oproep kom van ons Heiland en Heer, die Koning van die Koninkryk. Die evangelie wat Hy gebring het, is Hyself: die Weg, die Waarheid en die Lewe.

Reaksies: griffioen@quicknet.nl ✉

Hoe het pelgrims plesier? (3)

Prof ND Kloosterman

LEER EN LEWE

Op watter wyse kan ons van die popkultuur geniet, sodat dit in ooreenstemming is met die Christelike wêreldbeskouing? Dit is die vraag agter die pleidooi deur Christelike ouers wat weet dat hulle nie hulle kinders se gedrag vier-en-twintig uur per dag kan monitor nie. Is die werklike noodsaak nie egter dat ons ons jong mense so moet toerus dat hulle, omdat hulle bewus is van die antitese, tog in staat sal wees om die reis voort te sit as ons nie meer daar is nie?


As dieselfde vraag gestel moet word tov seksualiteit (“Hoe moet Christene seksualiteit geniet?”), sal ons nie tevrede wees met net ‘n katalogus van toelaatbare seksuele gedrag nie. Ons moet eerder seksualiteit verstaan in die konteks wat God daarvoor gegee het. Hierdie soort antwoord sal nie die adolescent se vraag: “Maar hoe ver mag ek gaan?”, beantwoord nie. In ons evaluasie van die popkultuur vandag, moet ons ook nie net ‘n katalogus saamstel van toelaatbare musikante of rolprente nie. Ons moet eerder ‘n morele onderskeidingsvermoë oor die funksie en krag van vermaak in ons kultuur, kweek.

Op hierdie punt het en sal Christene ‘n ernstige gevaar teenkom. Soos voorheen gesê is ons beskrywing van ‘n pelgrim “‘n inwonende vreemdeling, iemand wat tydelik in ‘n land woon, maar burgerskap van ‘n ander land besit”. Die ernstigste gevaar vir ons as hierdie soort pelgrim, in verhouding tot die omringende kultuur, is die verleiding om hierdie twee woorde (inwonend en vreemdeling) los van mekaar te maak, en die een bo die ander te verkies. Hierdie skeiding kan op twee maniere bewerkstellig word. Die een fout wat gemaak kan word, noem die skrywer kulturele vermyding en gebeur as Christene vervreemding bo inwoning verkies. Dit lei tot ‘n kulturele etiek van morele maksimisasie, wat pleit vir polisiëring

van die grensdrade, monitering van die popkultuur, ens. Hierdie reaksie spruit voort uit die begeerte om ons jeug en onself te beskerm teen die heersende kultuur, van ‘n oorskatting van ons eie vermoë om kontak met die kwaad in die moderne samelewing te vermy. Terselfdertyd, omdat kulturele vermyding vervreemding in die moderne kultuur beklemtoon, onderskat dit ook ons roeping om diensbaar te wees in die teenwoordige wêreld. Morele maksimisasie verwyder die spanning om as inwonende vreemdelinge te leef deurdat dit ontken dat ons inwoners is in hierdie kultuur. Daardeur verlaat ons ons roeping en taak om sout en lig in die wêreld te wees.

Die ander fout wat gemaak word, word kulturele indompeling genoem en gebeur as Christene inwoning bo vervreemding verkies. Dit gee aanleiding tot ‘n kulturele etiek van morele minimalisme wat basies verklaar dat elkeen op sy eie is en sy eie pad moet vind. Dit is ironies dat hierdie standpunt maklik kan ontstaan vanuit die verkeerde idee dat, omdat ons tog “uit” hierdie wêreld gered gaan word, dit eintlik nie saak maak wat ons in hierdie wêreld doen nie. Die apostel Paulus het ook met hierdie morele nalatigheid te doen gekry in Korinthe. ‘n Ander bron van morele minimalisme is die idee dat, omdat ons oorwinnaars in Christus is, alle dinge aan ons behoort om geniet te word. Paulus het ook hierdie argument in Korinthe teengekom. Morele minimalisme verwyder die spanning van ‘n lewe as inwonende vreemdelinge, deurdat ontken word dat ons vreemdelinge is en deur die moderne kultuur as iets basies goed te akkomodeer.

Dit is belangrik dat ingesien word dat beide hierdie verkeerde benaderings die antitese, wat noodsaaklik is vir die pelgrim se identiteit as inwonende vreemdelinge, elimineer. Hierdie



antitese wat behoort tot die pelgrim se lewenswyse, is die gevolg van ons verkiesing en lê nie net in een van die woorde nie, maar juis in hul samehorigheid. Beide die “beskermd” en die “indompeling” benadering, verbreek die band tussen inwoning en vervreemding, en vernietig daarmee beide die status en etiese kenmerke van pelgrims.

Om die vraag te beantwoord “Hoe het pelgrims plesier?”, sal drie positiewe voorstelle gemaak word waarvoor ons kan nadink.

Die rol van danksegging

Die skrywer het deur studies van die Bybel en die belydenisgeskrifte, besef hoe belangrik die klem op dankbaarheid as kern van ‘n Christelik verantwoorde lewe, is. Tussen die vele funksies van danksegging in die Christen se lewe, is een van die belangrikste seker dat ons deur danksegging – vir voedsel, vir mekaar, vir die evangelie, vir vermaak en plesier – dit aan die Here toewy: ons sonder ons verhoudings, ons aktiwiteite en ons besittings af vir Goddelike diens. Die vraag wat nou gevra kan word is: Hoe gee Christene dank in hulle ontspanning? Die vraag kan beantwoord word aan die hand van ‘n paar voorbeelde uit die Nuwe Testament wat verwys na die gelowige se gebruik van die skepping en deelname in kultuur.

Die eerste teks vind ons in Rom.14:5-8. Die apostel Paulus gee raad aan die gemeente in Rome waar meningsverskille tussen die “sterkes” en “swakkes” voorkom. Sonder om in die fynste besonderhede in te gaan oor die aard van die geskille (sien

Kloosterman 1991,30-43), kan ons wel sien dat beide groepe vanuit 'n godsdienstige motief optree, omdat albei "aan God dank wil bring". "Wie eet, eet tot eer van die Here, want hy dank God; en wie nie eet nie, eet nie tot eer van die Here, en hy dank God." Ons standpunt is dat danksegging die manier is waarop ons óf die genieting óf die selfverloëning van ons Christelike vryheid t.o.v. die skepping, na God rig. Maar hierdie dankbaarheid verskil drasties van die subjektiewe houding van "ek dink dat ek God hiervoor kan dank". Die Heidelbergse Kategismus maak dit duidelik dat dankbaarheid uitdrukking vind in goeie werke, wat ontstaan uit 'n ware geloof, in ooreenstemming is met God se wet en sy glorie soek. Daarom spoor die apostel beide "sterk" en "swak" in Rome aan: "Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees" (Rom 14:5). Dankbaarheid is die vrug van oortuiging.

Dankbaarheid aan God in ons gebruik, of nie-gebruik, van die skepping word ook in 1 Kor.10:30-33 bespreek. Die apostel Paulus het net twee maal dieselfde Bybelvers (Ps. 24:1) gebruik om die Korinthiërs te adviseer om te eet wat op die mark verkoop word en nie dieselfde kos te eet as iemand dit as afgodekos geïdentifiseer het nie. Maar om net in staat te wees om aan God dank te bring, is onvoldoende rede vir die optrede. Danksegging moet ook my swakker broeder insluit, sodat ek nie sal veroorsaak dat hy sal struikel as hy teen sy eie gewete optree, deur die navoring van my voorbeeld nie. "Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God. Wees geen oorsaak van struikeling vir Jode of Grieke of vir die gemeente van God nie; net soos ek almal in alles behaag en nie my eie voordeel soek nie, maar die van baie, sodat hulle gered kan word".

'n Derde skrifgedeelte wat betrekking het op die rol van danksegging in die Christelike verhouding tot kultuur is 1 Tim 4:3-5: "... wat verbied om te

trou en gebied dat die mense hulle moet onthou van voedsel wat God geskape het om met danksegging gebruik te word deur die gelowiges en dié wat die waarheid ken. Want alles wat deur God geskape is, is goed, en niks is verwerplik as dit met danksegging ontvang word nie; want dit word geheilig deur die Woord van God en die gebed". Sekere valse leraars het huwelike verbied en ook sekere voedsel wat deur God geskape is om met dankbaarheid ontvang te word. Ons moet op ons hoede wees om nie "alles wat God geskape het" gelyk te stel met "elke produk van kultuur" nie, want laasgenoemde is duidelik die oorsaak van wat mense met die skepping gedoen het. Ons moet dus onderskei tussen geskape dinge en kulturele produkte wat sekere aspekte van die skepping gebruik.

Met hierdie onderskeiding in gedagte, bied hierdie verse helpvolle insigte vir ons interaksie met die moderne kultuur. Ons hoor weereens die oproep om "met danksegging te ontvang", maar hierdie dankbaarheid vind sy grense in 'n "verbondsameloping" van God se Woord en ons Woordgeleide gebed. Sonde woon nie in die skepping, of in die "dinge" van die skepping nie, maar in die mensehart. Dit beteken dat ons deur danksegging, God se seënwoord en ons dankbare gebed, aan God enige geskape geskenk toewy en heilig.

Om die skepping en sy kulturele gebruike met danksegging te geniet, beteken dat ons 'n "houvas" daarop kry in verhouding tot God en tot ons naaste. Dit beteken o.a. dat ons doodsbang is vir afgodery. Of dit nou aanbidding is van sporthelde, filmsterre, skoonheid, mag en geld ens., dankbaarheid aan God stel die grense vas van ons genietinge. Genieting van die skepping en sy kulturele gebruike met danksegging, beteken ook dat my naaste se welsyn, of dit nou my tennisopponent, my mede-kerklid, my kind of my man is, my altyd na aan die hart lê. Christelike vryheid dien naasteliefde.

Daar is niks verkeerd met ligte vermaak nie, solank die lewe nie toegewy word aan ligsinnigheid nie. Ons as gelowiges hoef nie bang te wees vir kulturele afgode nie, solank ons hulle nie aanbid nie. Daar is egter baie tekens om ons in die kerk, wat aantoon dat Christene nie baie suksesvol is om die popkultuur op sy plek te hou nie. Dink maar aan die "kontemporêre Christelike musiekbeweging, of aan die neiging vandag om die visuele en dramatiese in die preek en erediens in te bring. Die ergste is dat dit begelei word deur 'n "afwatering" in doktrine en waarheid. Soos Myers dit stel, "evangelikalisme is nie meer soseer 'n gemeenskap van ortodoksie (regte doktrine) as 'n gemeenskap van ortopatos (regte gevoel) nie. Die resultaat is dat veral die kerk se erediens gesentimentaliseer word."

'n Deel van die probleem is dat Christene dikwels krities was oor die inhoud van die popkultuur (naaktheid, geweld, taalgebruik en goddeloosheid), maar onbewus was oor die krag en funksie van sy vorm. As die Christelike geloof bemark word as 'n belonende lewenswyse of verkoop word as die sleutel tot gesondheid en rykdom, dan word die evangelie aangepas tot die kultuur, eerder as wat mense gehelp word om die kultuur deur die evangelie te evalueer. Dit is inderdaad so dat die hedendaagse populêre kultuur, met die nadruk op die nuwe en die onmiddellike, nie die boodskap kan ondersteun van 'n God wat oordeel, of 'n God wat selfverloëning en berou vereis, nie.

Jy kan die populêre kultuur geniet sonder om jou Bybelse beginsels te versaak, solank jy nie gedomineer word deur die vatbaarheid van die popkultuur of deur sy afgode betower word nie (Myers 1989, 180). Hierdie genieting vereis bewuswering van die morele en intellektuele sakke-rollerly wat plaasvind gedurende hierdie vermaaklikheidsontmoetings.

Ouers het 'n groot verantwoordelikheid om 'n kulturele gevoeligheid by hul kinders te vestig. Die huislike

Vier 'n geestelike feesmaal (1)

- Die viering van die nagmaal op Goeie Vrydag

J Smelik

KERKLIKE SAKE

Wie nadink oor die erediens, kry outomaties te doen met vraagstukke betreffende die viering van die heilige Nagmaal. Dit is duidelik uit die kerkgeskiedenis, waar aandag vir die liturgie onlosmaaklik in verband staan met belangstelling vir die nagmaalsviering in al sy fasette. So was die sestiende-eeuse Reformasie 'n reformasie van die nagmaalsleer, wat weer praktiese gevolge vir die konkrete viering van die sakrament gehad het. In die nagmaal kom baie (essensiële) lyne en aspekte van die Christelike geloof bymekaar, en dit maak liturgiese vrae met betrekking tot hierdie sakrament dus ook boeiend.

Die omgekeerde is ook waar: om oor die nagmaal te praat en na te dink kan nie gebeur sonder om ook met die wese van die geloof in aanraking te kom nie.

Die nagmaal word hier belig vanuit die vraagstelling of dit passend is om hierdie sakrament op Goeie Vrydag te vier. Op hierdie vraag word deesdae teenstellende antwoorde gegee. Dit mag dalk lyk na 'n kwessie van details, maar die antwoord op

lewe moet gekenmerk word deur 'n kultuur van transendensie, d.w.s. 'n kultuur waar sentrale waardes van integriteit, diens en ontwikkeling, ontstaan weens liefde vir God en sy Woord en liefde vir ons naaste. Ons moet ons kinders leer dat plesier regte werk is van 'n ander aard, werk van 'n kulturele aard – die soort wat tussen die lyne van poësie lees, verby die skilderdoek kyk, bo die musiek luister en meer sien as wat die kamera wys.

Dr Kloosterman is Professor in Etiek en Nuwe Testament in Mid-America Reformed Seminary, Dyer, Indiana



hierdie vraag hang ten nouste saam met die visie op die nagmaal.

Vroeë kerk en Middeleeue

Vanaf die tyd van die vroeë Christelike kerk hou die kerk samekomste op Sondag, die dag van Christus se opstanding. Elke Sondag is gesien as 'n getuienis van die oomblik toe Jesus die dood oorwin het. Die gewoonte om jaarliks die Paasfees te vier, is vermoedelik net so oud. Dis nie seker presies wanneer nie, maar al gou het die Vrydag voorafgaande aan Paassondag 'n vasdag geword, dus 'n dag wat in die teken van boete en berou gestaan het.

Waarskynlik reeds voor die vierde eeu is daar op die dag van Christus se lyde en sterwe 'n Woorddiens gehou, waarby die voorlesing van die lydensverhaal uit die Johannes-evangelie sentraal gestaan het. In later tye het heelwat rituele rondom en op Goeie Vrydag ontstaan, waarvoor nie nou uitgewei hoef te word nie.

Vir ons onderwerp is dit relevant dat die *eucharistie* (letterlik: danksegging) nooit op die “dag van bitterheid” – soos Augustinus Goeie Vrydag genoem het – gevier is nie. Ook in die Middeleeue het die kerk haar daaraan gehou om op daardie dag geen mis op te dra nie. Dit het

te doen gehad met die eenheid wat hulle gesien het tussen Christus se lyde, sterwe, begrafnis en opstanding. Augustinus het dan ook gepraat van “die *triduum* van die Gekruisigde, Begrawene, Opgestane”. Die Paasfees het uit drie dae bestaan: Vrydag, Saterdag en Sondag. Die nagmaal is gevier op die hoogtepunt van die fees: op Paasoggend. Dit is dus op die oomblik waarop die versoening en die oorwinning tot stand gebring is.

Die feit dat hulle die lyding en die opstanding van Christus as onlosmaaklik aan mekaar verbonde gesien het, ook in verhouding tot die viering van die nagmaal, kom duidelik na vore in die nagmaalsgebed uit die *Traditio Apostolica* van Hippolytus (derde eeu):

“Toe Hy Homself vrywillig oorgegee het om die lydensweg te gaan, om die dood te vernietig, die hel met die voet te betree, die regverdiges te verlig, die geloofsreël te vestig en die opstanding te openbaar, het Hy die brood geneem, die danksegging uitgespreek en gesê: Neem, eet (...) Gedagtig aan sy dood en opstanding, bied ons U aan die brood en die beker...”

In die lig van die hele ontwikkeling met betrekking tot die viering van die Paasfees (insluitende dus Goeie Vrydag) was dit in die eerste vyftien eeue van die Westerse kerkgeskiedenis ondenkbaar om op Goeie Vrydag die nagmaal te vier (oftewel: op daardie dag die mis op te dra).

In die sewende of agste eeu is wel daartoe oorgegaan om op die Donderdag voor Goeie Vrydag (die sg. Wit Donderdag) 'n dankseggingdiens te hou, onder andere ter gedagtenis aan die instelling van die nagmaal.

Origens het dit in die Middeleeue algemene praktyk geword dat baie Christene amper nie meer aan die kommunie deelgeneem het nie. Die viering van die hostie het 'n belangriker plek ingeneem as die daad-

werklike ontvangs van die brood. Dis kenmerkend dat die Vierde Lateraanse Konsilie (1215) gelowiges opgeroep het om ten minste met Paasfees aan die kommunie deel te neem.

Die Reformasie

Tydens die sestende-eeuse Reformasie is heelwat nagedink oor die vraag hoe dikwels en wanneer die nagmaal gevier moet word. Alle reformatore het gepleit vir 'n meerdere viering van die nagmaal as wat tot dan toe gebruiklik was. Omdat dit vir ons huidige situasie die mees tersaaklike is, word hier gekonsentreer op die Zwingliaanse en Calvinistiese tradisie.

In die Zwingliaanse reformasie het die gewoonte ontstaan om met Paasfees, met Pinkster en met Kersfees die nagmaal te vier. Tussen Pinkster en Kersfees was daar egter 'n lang tydperk (ongeveer 'n halfjaar) waarin geen nagmaalsviering sou plaasvind nie. Daarom het die gebruik ontstaan om ongeveer in die helfte van daardie tydperk – in September – ook een keer die nagmaal te bedien.

In die gereformeerde-protestantse tradisie het dit in die reël ook gebruiklik geword om vier keer per jaar die nagmaal te vier. Teen die wil van Calvyn in het die kerkraad van Genève besluit om die Zwingliaanse gewoonte te volg. Daardie besluit was nie vreemd nie, want maatskaplik en polities was Genève destyds sterk onder die invloedssfeer van die Zwingliaanse Bern.

Calvyn was egter die mening toegedaan dat dit in lyn was met die Skrif en die gebruik in die ou kerk om in elk geval – dus: minstens – elke Sondag die nagmaal te vier. Maar vanweë die “swakheid van die volk” ('n weeklikse viering sou maklik lei tot misbruik en veragting van die sakrament) wou hy voorlopig as kompromis met 'n maandelikse viering genoë neem. Die bediening van die sakrament moes dan egter nie in die drie kerke van Genève op dieselfde Sondag bedien word nie,

maar om die beurt. So sou in elk geval op drie Sondae in die maand die nagmaal in 'n stadskerk bedien word.

Ondanks herhaalde pogings kon Calvyn selfs 'n maandelikse viering in Genève nie laat realiseer nie, laat staan 'n weeklikse viering. Die owerheid van Genève het gehou by 'n viermaandelikse viering. In 1561 het die reformator nog eens die wenslikheid van 'n maandelikse viering onderstreep. Daarby het hy beklemtoon dat dit, wat hom betref, die minimum was en dat die kerke in die toekoms hopelik die moontlikhede sou sien om die nagmaal meer dikwels te vier.

Nederland

Die wens van Calvyn is in elk geval nie in die Nederlandse kerke verwesenlik nie. Kort na die Reformasie was daar nog geen sinodale bepalings oor die frekwensie van die nagmaalsviering nie. Die Provinsiale Sinode van Dordrecht het in 1574 bepaal dat die kerke sover as moontlik elke twee maande die nagmaal van die Here sal hou. Hierdie besluit is verskeie kere herhaal, onder andere deur die nasionale sinodes van Dordrecht (1578), Middelburg (1581) en Den Haag (1586). Laasgenoemde sinode het bowendien bepaal dat die nagmaal gevier sou word op “den Paes-dagh, Pinxter-dagh ende Christ-dagh”. Dit is dus die Zwingliaanse gewoonte soos hierbo genoem.

Dit alles is deur die beroemde Dordtse Sinode van 1618/1619 oorgeneem. Sedertdien het as artikel 63 in die ou Nederlandse Kerkorde gestaan: “Die nagmaal van die Here sal eenmaal in twee maande, vir sover dit moontlik is, gehou word; en dit sal stigtelik wees; en as die kerke die geleentheid daartoe het, sal op die Paasdag, die Pinksterdag en die Kersdag dieselfde geskied. Maar hier ter plaatse waar nog geen Kerklike orde is nie, moet eers ouderlinge en diakens, indien moontlik, aangestel word.”

Die ideaal van die sinode was dus dat die nagmaal nege keer per jaar

gevier sou word: een keer in twee maande sowel as op die drie Christelike feesdae.

In die Gereformeerde Kerke in Nederland het hierdie bepaling in die Kerkorde gebly tot die Algemene Sinode van Utrecht in 1905. Toe is die Kerkorde-artikel aangepas by die situasie wat op daardie stadium in die meeste gemeentes aangetref is: “Die nagmaal van die Here sal ten minste elke twee of drie maande gehou word.” Hierdie artikel het dus beteken dat die frekwensie van die nagmaalsviering amptelik verlaag is. Ook is die bepaling oor die viering van die nagmaal op die drie Christelike feesdae geskrap.

In die uitgawe van die Kerkorde wat in die Gereformeerde Gemeentes in 1907 vasgestel is, is die oorspronklike artikel uit die Dordtse Kerkorde behou.

Negentiende eeu

Tydens die Reformasie is die nagmaal nòg in Nederland nòg in die buiteland op Goeie Vrydag bedien. Sterker nog, in die gereformeerde-protestantse tradisie was dit tot laat in die negentiende eeu 'n onderwerp van bespreking of Goeie Vrydag ooit as 'n Christelike gedenkdag aangedui mog word en of daar op dié dag ooit 'n erediens belê mog/moes word.

Hoewel daar uitsonderings was, was dit tot ongeveer 1800 in Nederland nie gebruiklik om eredienste te hou op die Vrydag voor Paasfees nie. Vanselfsprekend is hulle dus ook nie gekonfronteer met die vraag of 'n viering van die nagmaal op Goeie Vrydag wenslik en paslik is al dan nie.

In die laaste jare van die agtiende eeu het daar in Delft 'n (nie-kerklik gebonde) godsdienstige genootskap ontstaan wat verbetering van die kerkdienste ten doel gehad het. Op 6 April 1798 het hierdie genootskap, genoem “Christo Sacrum”, vir die eerste keer op Goeie Vrydag die nagmaal gevier om “ter versterking van die geloof die gedagtenis aan

die saligmakende dood van Jesus Christus deur brood en wyn te verlewendig.”

Sowel die hou van eredienste op Goeie Vrydag asook om tydens hierdie dienste die nagmaal te vier, het in die negentiende eeu al meer na vore gekom. Die wens om nagmaal op Goeie Vrydag te vier, is ‘n verskynsel wat in daardie eeu in nie-ortodokse stromings ontstaan en wortel geskiet het.

Die negentiende-eeuse moderniste het egter onverskillig teenoor die sakramente gestaan. Die nagmaalsviering het by hulle dus al minder en minder voorgekom. En wanneer hulle wel die nagmaal gevier het, het dit dus dikwels uitsluitend op Goeie Vrydag gebeur. In vrysinnig-protestantse kringe was die nagmaal veral ‘n maaltyd ter herinnering aan ‘n gestorwe vriend.

Hierdie visie op die nagmaal is uiteraard ‘n voortsetting van die vrysinnige gedagtegang. Want as Jesus nie die Christus is nie en ook nie uit die dood opgestaan het nie, soos daar gestel is, bly daar van Hom nie veel meer oor nie as dat Hy net ‘n mens was wat ‘n goeie voorbeeld gestel het, maar wat ondanks sy onskuld tragies tot sy einde gekom het. Binne hierdie visie kon die nagmaal natuurlik nie langer gesien word as die maaltyd van die Opgestane nie (Paasfees), maar slegs as ‘n herdenkingsmaaltyd aan ‘n oorlede mens (Goeie Vrydag). Die sterfdag van Jesus was by uitstek geskik om hom by brood en beker te herdenk.

(Word vervolg)

Vertaling van hoofstuk 10 uit: *Gods lof op de lippen: Aspecten van liturgie en kerkmuziek*, deur dr Jan Smelik. Uitgeverij Boekencentrum, Zoetermeer, 2005. ☩

Dr Anton Rupert

- Afrikaner, Filantroop, Sakereus

R Hofsink

DIE LEWE VAN ...

Op 18 Januarie 2006, rustig in sy slaap, is een van die reuse van die Suid-Afrikaanse ekonomie oorlede. Dr Anton Rupert het heengegaan op 89-jarige ouderdom, ‘n paar maande nadat sy vrou Huberte oorlede is. Maar wie was Anton Rupert eintlik? Wat het hom so ‘n besondere sakeman gemaak?

Anthony Edward Rupert (vernoem na sy oupa aan vaderskant) was die oudste van drie seuns, en is gebore op 4 Oktober 1916 te Graaff-Reinet. Op skool het hulle hom Boetie Rupert genoem. As seun van John Rupert en Hester Rupert (gebore van Eeden) het hy grootgeword in ‘n streng Calvinistiese huishouding binne die NG Kerk. Dr Rupert was nie vreeslik wetties ingestel nie (volgens hom het dit die innovasie en individualiteit verlam), maar het, soos die oud-joernalis Ebbe Dommissie in dr Rupert se biografie skryf, die dissipline, hardwerkendheid en eerbaarheid van die Calvinisme sy eie gemaak.

In 1934, na sy skooljare in die Oos-Kaap, vertrek dr Rupert na Pretoria om B.Sc. aan die Universiteit van Pretoria te gaan studeer. Later word hy kanselier van UP, en nog later word hy aangewys as oud-Tukkie van die Eeu. Daar ontmoet hy Huberte Goote, sy vrou waarmee hy meer as sestig jaar getroud sou wees. Huberte Goote was die dogter van ‘n Nederlandse immigrant wat ‘n onderwyser was. Hy is egter voor haar geboorte dood in die groot griep van 1919, en haar oupa, ‘n predikant in Nederland, het



Dr Anton Rupert. 4 Oktober 1916 - 18 Januarie 2006

weens die swak telegraafverbindings gemeen dat daar 'n kleinseun gebore was en beveel dat hulle "haar" Hubertus Gerardus doop. Sy is toe aanvanklik Hubert genoem. Dit het later verander toe sy daarop aandring dat hulle haar Huberte noem, nadat Prins Bernhard van Nederland, 'n familie-vriend, haar gereeld Hubertus Gerardus genoem het. Na 'n baie aktiewe studentelewe verwerf dr Rupert sy M.Sc.-graad in toegepaste chemie aan die Universiteit van Pretoria. In 1941 het hy en Huberte getrou; hy op 24-jarige ouderdom en sy ongeveer drie jaar jonger. Hy was lid van die NG Kerk en sy was 'n Dopper. Hulle is ook in die Dopperkerk getroud. Hy was toe 'n skeikundedosent aan die Universiteit van Pretoria.

Een van dr Rupert se redes waarom hy van sy loopbaan as dosent afsien en hom in die nywerheidswese sou begeef, was die indruk wat dit op hom gemaak het toe hy en sy Tant Florrie die een fabriek na die ander in Port Elizabeth besoek het. Terwyl hy nog klas gegee het aan UP, het hy en sy studentevriend Dirk Hertzog (toe nog 'n prokureursklerk by die bekende firma Couzyn, Hertzog en Horak) en dr Nic Diedericks (latere minister van Finansies en staatspresident van Suid-Afrika) hulle eerste besigheid begin. Die droogskoonmaakbesigheid genaamd Chemiese Reinigers was in Pretoria geleë en is met 400 pond begin. Rupert het sy gedeelte (100 pond) geleen by die halfbroer van Dirk Hertzog en dit was terugbetaalbaar met rente. Op 24-jarige ouderdom begin Rupert in die kleinsake-afdeling van die Reddingsdaadbond werk. Dit was tydens die depressie, en hy het toe besluit dat die enigste twee depressie-bestande produkte (drank en tabak) die vervaardigingsrigting is wat hy moet ingaan. Hulle koop toe 'n insolvente tabakfabriek, wat lei tot die eerste belangrike stap in sy lewe, nl. die stigting van die Voorbrand Tabakmaatskappy. Dit het later gelei tot die stigting van Rembrandt, een van die grootste maatskappye wat Suid-Afrika ooit sou oplewer.

Van hier af is dr Rupert se opgang bekend. Na die stigting van Rembrandt in 1946 het hierdie tabakvervaardigingsmaatskappy gegroei tot een van die grootste internasionale sakeryke. Vandag is dit een van Suid-Afrika se grootste en mees gediversifiseerde konglomerate. Sy internasionale vertakking, Richemont, is bekend vir verskeie bekende handelsname soos Dunhill, Cartier Mont Blanc en van Cleef en Arpels, en is na raming ongeveer R140 miljard werd. Die Rembrandt-maatskappy (vandag Remgro) is vandag ongeveer R62 miljard werd.

Dr Rupert was welbekend onder die glitterati van Europa en was 'n persoonlike vriend van Prins Bernhard van Nederland. Hulle was ook gesamentlike stigters van die WWF (World Wildlife Foundation). Rupert was nou betrokke by die bewaringsomgewing deur organisasies soos die SA Natuurstigting en die Vredesparke-projek, wat die bestaande Kruger-wildtuin na Mosambiek en Zimbabwe wil uitbrei.

Hy was ook baie betrokke op kunsgebied. Die Rembrandt van Rijn-kunststigting het Suid-Afrikaanse kunstenaars vanaf die vyftigerjare ondersteun. Rembrandt het ook die herbou van die aardbewing-geteisterde Kaapse dorpie Tulbach befonds. Rupert het ook die Kleinsake-ontwikkelingskorporasie begin.

Sy seun Johann het die stuur by Rembrandt in 1986 oorgeneem, nadat hy by Rand Aksepbank gewerk het om ondervinding op te doen. Johann het baie van sy pa se styl oorgeneem, en het groot sukses behaal met sy jarelange vriende en sakevennote Laurie Dippenaar, GT Ferreira en Paul Harris. Dr Rupert het nog 'n seun gehad met die naam Anthonij, wat 'n paar jaar gelede in 'n motorongeluk oorlede is. Hulle het ook 'n dogter, Hanneli, wat later 'n bekende operasangeres sou word.

Op politieke gebied was dr Rupert ook uitgesproke. Hy was een van die eerste sakeleiers wat die onstandhoudendheid van apartheid gesien het, en hy was volgens Ebbe Dommissie redelik geskok in dr Hendrik Verwoerd se visie toe hy hom in die vyftigerjare ontmoet het. Hy het ook die wenkbroue laat lig toe hy gasheer was van die eerste veelrassige skemerkelkpartytjie in die sestigerjare. Op 'n Financial Mail-konferensie in die 1980's het hy afgevaardigtes geskok deur die regering van PW Botha te adviseer "to get rid of the dead, stinking albatross of apartheid".

In een van sy laaste onderhoude wat hy met 'n koerant gevoer het, het dr Rupert gesê: "Geld is soos 'n tou: jy kan vir 'n drenkeling 'n tou uitgooi, of jy kan 'n man daarmee ophang. Geld kan goed of sleg wees. Kyk, as ek moet definieer wat 'n man van waarde is, sal dit seker nie gebaseer wees op aardse goedere nie. Enigiemand wat iets kan bydra tot die verbetering van die wêreld, is 'n man van waarde. Maar iemand wat net die glorie soek van geld? Nee."

Dr Rupert was veral 'n man wat nie net op sakegebied 'n bydrae gemaak het nie, maar op verskeie gebiede in die Suid-Afrikaanse samelewing.

President Mbeki het hom so gehuldig: "Dr Rupert played a pivotal role in the development of South Africa's industrial and commercial sectors. Not only did he distinguish himself in the Afrikaner community, but also played a significant role in supporting and initiating significant transformation of South Africa's business. He was a pioneer in the establishment of South Africa's footprint in the global financial and commercial world. Not only will he be remembered for his business acumen, but also for his total devotion to nature and environmental conservation as shown by his immense contribution to the establishment of numerous Transfrontier Parks. A true philanthropist."

Oud-president Nelson Mandela het so afskeid van hom geneem: "We are sad at the loss of a friend. We grant him the peace of now joining his beloved Huberte. He lived a full life in which he served his country, the world and humanity. Mooi loop, Anton."

Oud-president FW de Klerk het die volgende ter nagedagtenis van dr Rupert te sê gehad: "Dr Rupert was a truly great business leader. He made an enormous contribution to the South African economy and proved that South Africans could also compete successfully in the international arena. He was a visionary innovator who often set the pace in marketing and business - not only in South Africa, but throughout the world. However, dr Rupert was much more than a successful businessman. He also made an enormous contribution to the arts and to the preservation of our cultural and architectural heritage. He was at the forefront of global efforts to conserve wildlife and our natural environment. Dr Rupert was also a great South African - who consistently based his approach to relationships and politics on his philosophy of partnership. I found him inspiring and greatly valued the constant support that he gave to our efforts to bring about the constitutional transformation of South Africa."

Hoe sal ons dr Rupert onthou? As 'n beskeie, nederige mens wat nie net omgee het vir die omgewing, sy

medemens en die mense wat vir hom gewerk het nie, maar ook as 'n sakeleier wat sy invloed op alle gebiede laat geld het. Dit is somtyds moeilik om iemand wat die pionier van 'n reusagtige sakeryk was, te beoordeel op grond van sy bydrae tot die wêreld. Was die rykdom wat hom beskore was, vir hom so belangrik dat hy sy doel op hierdie aarde vergeet het? Nee, hy het sy doel wyer gesien as om net 'n sakeryk te bou. Hy het 'n blywende bydrae gelewer op alle gebiede van die Suid-Afrikaanse samelewing. In sy laaste onderhoud is daar aan hom gevra hoe mense graag vereer wil word na hulle dood. Dr Rupert se antwoord:

"Voortrekkerhoogte..., DF Malanstraat..., Beyers Naudélaan... . Nee, asseblief niks! Dit het ek al jare gelede besluit. Ons is almal sandkorreltjies."

So sal ons hom onthou en so sal die Suid-Afrikaanse samelewing dr Rupert se bydraes nog lank waardeer. Ebbe Dommissie sluit sy boek so af: "Rupert het nie net rykdom vir sy land geskep nie. Hy het ook 'n soms onderskatte rol gespeel om beskawingswaardes in Suid-Afrika uit te bou. Daarom sal hy nie net onthou word vir wat hy gedoen en presteer het nie. Hy sal veral gerespekteer word vir wie en wat hy was: 'n Mens van waarde vir alle seisoene."

Bron:

Anton Rupert: 'n Lewensverhaal - Ebbe Dommissie ✎

Blink toekoms na die verkiesings?

J Moes

SAMELEWING

Die volk regeer = demokrasie. Die volk het gespreek op 1 Maart. Dié wat verkies is, het almal belowe om munisipale dienste te verbeter, met of sonder 'n plan. Dus, nou kom daar beslis beter tye vir die volk op grondvlak. Sê u daar is iets fout met hierdie logika? Is die skrywer sarkasties? Regeer die volk dan nie deur die stembus nie? Is politici se beloftes dan nie betroubaar nie? Kom ons kyk na 'n paar aspekte en gevolge van die onlangse verkiesing vir munisipale en metropolitaanse rade.

Munisipale verkiesings van na 1994 word tot 'n groot mate bepaal deur die nasionale politiek. Die meeste verteenwoordigers in munisipale rade van na 1994 verteenwoordig

een of ander landelike politieke party. Hulle moet dus in die eerste plek die beleid en belange van die party op grondvlak behartig. Die nasionale leiers van die politieke partye het ook prominent deelgeneem aan die verkiesingskampanje en dit duidelik 'n nasionale karakter gegee.

Voor 1994 is die munisipale rade saamgestel uit verteenwoordigers van die betreffende gemeenskap. Hulle is verkies om die spesifieke belange van die plaaslike gemeenskap te behartig. Behalwe oor die vanselfsprekende lewering van gewone dienste soos water, krag, vullisverwydering, riool en paaië, het dit gegaan oor eenvoudige sake soos netjiese parke, strate en begraaflase.



Veral in metropolitaanse rade het hierdie regstreekse betrokkenheid by plaaslike belange nou op die agtergrond geskuif, omdat die rade nou oor groter metropolitaanse belange moet besluit. Daar moet nou besluit word oor sake soos grond vir en toerisme na die informele nedersettings en laekoste-behuising. Die doelstelling van munisipale begrotings

is nou opheffing van die arm deel van die bevolking. En dit is verseker ook realiteite van die nuwe Suid-Afrika, waarvoor 'n gesentraliseerde aanpak nodig is.

Oor die afgelope jare het mense van alle kulture bekommerd geraak oor misdaad (wat doen die plaaslike polisie kantoor om ons lewens beter te beveilig), oor wanorde (word ons strate en parke nog skoongemaak), oor korrupsie en nepotisme (hoekom moet juis die maatskappye waarin die burgemeester se eggenoot aandeel het, werk vir die munisipaliteit doen en hoekom is die raadslid se neef juis die beste kandidaat vir 'n belangrike pos). In die aanloop tot die verkiesing het al die partye saamgestem dat die huidige vlak van dienslewering onvoldoende is. Maar die gerigtheid van dié onvoldoende dienslewering staan in baie gevalle reg teenoor mekaar. Gaan dit oor 'n skoon en veilige dorp of oor meer gratis dienste?

Die meeste politieke partye stem ook saam dat die oorsaak van die huidige swak dienslewering is dat te veel kundigheid te vinnig uit munisipale dienste uitgegooi is. Die kundigheid wat daar was, is vervang met minder (of selfs on-) bekwame persone. Burgemeesters het 'n oplossing hiervoor in plek gestel om vir hulle onkundigheid te probeer kompenseer. Hulle het hul laat adviseer deur 'n burgemeestersraad van uiters goedbetaalde amptenare. Maar hierdie burgemeestersraad het ongelukkig ook nie juis bestaan uit kundiges nie, maar is deurgaans gekies uit politieke geesverwante. So is munisipale belastinggeld met miljoene Rande per maand vermors, maar het die verkoop van luukse motors drasties gestyg.

Dit word egter betwyfel of veranderinge in 'n munisipale raad op kort termyn (voor die volgende munisipale verkiesing oor vier jaar) verbetering van die dienslewering van munisipaliteite kan bewerkstellig. Die grootste invloed van die raadslid lê by die opstel van die munisipale begroting: vir watter doel word watter hoeveelheid geld beskikbaar gestel

en wat kry prioriteit. Die daaropvolgende beheer deur die raad oor die besteding van die begrote geld is maar beperk. Dit is grootliks afhanklik van die bekwaamheid van munisipale amptenare. Hulle bly in hulle poste, ondanks die verkiesing en moontlike verandering van die raad.

Die ANC het belowe om te probeer om weer kundigheid op munisipale vlak in te trek. Die provinsies sal kom help waar nodig. Afgetrede siviele ingenieurs is genooi om hul dienste (teen vergoeding) beskikbaar te stel aan sekere munisipaliteite, veral op die platteland. Die bedoeling is dat hulle die munisipaliteit se nuwe tegniese amptenare begin oplei en mentor om hulle take en verantwoordelikhede bekwaam te kan uitvoer.

Dit is seker te veel gevra van die huidige bewindhebbers om die voorgangers van hierdie munisipale amptenare, wat die afgelope jare oortollig verklaar is, te nader en te vra of hulle nie weer wil terugkom en die nuwe mense wil oplei nie. Na my mening moet munisipaliteite ook weer daarna begin strew om tersaaklik opgeleide personeel aan te stel op grond van meriete eerder as op grond van regstellende aksie. Maar die huidige beleid van regstellende aksie op alle owerheidsvlakke vloei voort uit die beheer wat landelike politiek nou oor munisipale belange uitoefen. 'n Beperkte aantal afgetrede kundiges kan nie vinnig vir hierdie inmiddels agterhaalde beleid kompenseer nie.

Die DA het ook 'n sterk pleidooi vir dienslewering deur munisipaliteite gevoer, maar nie gesê hoe hulle dit wil aanpak en uitvoer nie. Hulle verkiesingskampanje was baie negatief: gerig teen wat die ANC doen of gedoen het. Hulle het maar min positiewe dinge kwytergemaak oor wat hulle dan wel wil doen of hê. En dit is geen gesonde politiek nie. Hoe hulle beter dienslewering wil kry in munisipaliteite waar kritiese kundigheid die afgelope elf jaar verdwyn het, is onduidelik. Dit mag dalk wees deur privatisering. Maar as dit op groot skaal deurgevoer word, sal die

huidige Transnet-stakings na 'n Sondagskoolpiekniek lyk.

Die probleem is geskep en dit kan nie sonder drastiese nasionale ingrype weer ongedaan gemaak word nie. Waartoe die DA moontlik wel in staat sal wees, is om korrupsie en nepotisme te verminder. Dieselfde geld vir die VF+ en die ACDP. Die IVP kan nie beter doen as die ANC nie, want hulle kultuur en belange stem grootliks ooreen. Die OD is 'n onervare groep ("more noise for your vote"), wat opposisie eerder as verantwoordelikheid verkies.

Die land het, beslis ook op munisipale vlak, 'n aantal groot probleme. Die burgers erken dit. Uit protes verbrand hulle selfs munisipale amptenare se huise. Maar nogtans stem hulle vir die ANC, die party onder wie se bewind hierdie probleme bestaan. Die enigste verklaring wat ek hiervoor het, is dat die stemmers solidêr is met die munisipale bestuurders se landelike politieke party (Mbeki en sy span) en dat die opposisieparty geen duidelike alternatief bied nie. Behalwe vir die ACDP is al die ander partye belange-behartigers van een of ander bevolkingsgroep. En as jy swart is en nie 'n Zoeloe nie, dan stem jy nie vir hulle nie. Dié situasie is verseker betreurenswaardig.

Solank die opposisieparty nie duideliker is oor die oplossing van die groot sosiale probleme van die land nie, sal die grootste deel van die bevolking, wat dringend 'n oplossing vir hierdie probleme soek, hulle nie ondersteun nie. Die ANC het wel 'n taamlik duidelike landelike beleid hiervoor. Hulle voer dit ook so goed en so kwaad as wat hulle kan, uit en dit spreek die swart bevolking aan. Meer as 90% van die kiesers het in die 2006-verkiesing vir dieselfde party gestem as in die 2004-verkiesing. Die opkoms van 48% vir hierdie munisipale verkiesing is ook heel normaal en die uitslag kan dus beskou word as verteenwoordigend.

Daar is dus geen enkele aanduiding van 'n verskuiwing in die politiek nie.

Omdat 80% van die bevolking swart is, sal die opposisie (sonder die IVP) dus in hierdie geval beperk bly tot nie baie meer as 20% van die stemme. Die enigste plek waar die opposisie wel nog 'n meerderheid kan kry, is in die Kaapse metropool, met die steun van die kleurlingstemme. Die land sal op die drie owerheidsvlakke voorlopig onder ANC-bewind bly. Daaroor sal die meeste van ons swart medeburgers bly wees. En dié wat nie daaroor bly kan wees nie, kan met dankbaarheid besef dat dit slegter kon gewees het. Die nadruk sal nog meer op opheffing van die armes in die land val – 'n groot en uitdagende taak wat 'n duidelike visie vra. Laat ons ook bid vir wysheid vir die nuwe bestuurders en vir die besef dat hulle regeer namens God in die hemel.

Hierdie stand van die (nasionale en plaaslike) politiek in Suid-Afrika, wat verdeel is langs swart-nie-swart grense, is betreurenswaardig. Die oplossing sou wees as politiek bedryf

word langs grense van beginsels of ideologie. Dan sal die nog steeds bestaande rasseverdeling in die politiek van Suid-Afrika oorbrug kan word, omdat mense van verskillende rasse hulle dan sal kan verenig agter dieselfde beginsels of ideologie. Hierby is die skrywer se voorkeur dat daar 'n sterk Christelike party gevorm word (wat vry is van enige nepotisme) en wat mense verenig op basis van die uitgangspunte en etiese norme van die Christelike geloof.

Beginsel-politiek sal ook die huidige vlak (oppervlakkige / slagspreuke-politiek) van politiek kan verdiep, besonderlik tot 'n duidelike morele en etiese koers vir die land. Maar daarby hoort tog ook die praktiese uitwerking van sake wat van belang is vir die land en sy totale bevolking en nie net vir sekere bevolkingsgroepe nie. In die politieke toesprake wat die afgelope tyd gehou is, het wit en swart sprekers gereeld verwys na "ons mense" / "our people". Op

grond van die politieke party wat hulle verteenwoordig het, kon jy aflei wie hulle daarmee bedoel het, maar beslis nie die bevolking van Suid-Afrika in sy totaliteit nie. Dit is simptomaties, maar jammer.

Die skrywer sou wou aanbeveel dat die VF+ en die ACDP met mekaar in gesprek tree om te sien of daar nie samewerking of samesmelting moontlik is nie. Na my mening het hulle reeds baie in gemeen en kan hulle baat by die deel van visie en kundigheid. As hulle as verenigde party 'n aktiewe verkiesings-kampanje sou voer, is ek seker dat daar groter nasionale steun vir hulle sal kom. Watter sterk boodskap sou nie daarvan uitgaan nie as die laaste party van die Afrikaners, met hulle Christelike en apartheidsagtergrond, hulle sou verenig in 'n Christelike beginselparty, wat Suid-Afrikaners van alle bevolkingsgroepe verteenwoordig. Dit sou selfs Marthinus van Schalkwyk laat skaamkry. ✘

Ek het vergeet...

- My lewe saam met Alzheimers

Lovy Pieterse

BOEKBESPREKING

"As ek maar net geweet het...", so begin die eerste hoofstuk.

Lovy het so uitgesien na haar man se aftrede, sodat hulle 'n rustiger lewe kon lei. Maar niks het haar voorberei op wat sou gebeur nie. Haar man Pieter het snaaks begin optree. Klein dingetjies het begin krap. Soos sy verhouding met hul jongste seun Meyer. Steeds weer moes hy teenoor sy Pa verantwoording aflê oor alledaagse reëlings, soos sy sakgeld, klaggeld of sy losies by die universiteit. Oor en oor moes hy verduidelik hoe dinge werk. En dan raak Pa vies en Meyer ongeduldig. Tot die vonke spat.

Hy het dinge begin vergeet. Soos toe hy dorp toe gegaan het om vleis te gaan koop en sommer 'n lysie met 'n paar klein dingetjies vir Lovy moes saamvat. Hy kom toe met net die vleis by die huis en kan glad nie onthou dat hy nog iets moes saamvat nie. Was selfs



verbaas oor die lysie wat in sy sak opgefrommel was.

Pieter het medikasie geneem vir sy longe. Hy was gesteld daarop. Koop elke maand sy pille en drink dit elke dag. Tot Lovy eendag agtergekom het daar is amper niks pille uit die botteltjie geneem nie en

dis al einde van die maand. Wanneer sy vra hoekom hy nie sy pille drink nie, ontken hy dit ten sterkste en is boonop verslae as sy hom die botteltjie pille wys wat nog amper vol is.

Nadat hulle een naweek vir die kinders in Pretoria gaan kuier het, het Pieter die verkeerde afrit geneem en het hulle vreeslik verdwaal. Gelukkig was daar iemand langs die pad om te help. Wanneer sy agterkom dat hy selfs nie meer die oorbekende plekke op hulle dorp, waar hulle al amper 30 jaar woon, ken nie, raak sy bekommerd en gaan sien 'n dokter. Hy noem vaagweg verskillende soorte demensie wat 'n mens kan kry, maar dit help nie veel nie. Toe maak sy 'n afspraak by die spesialis wat hom destyds met sy siekte behandel

Eienaar en uitgewer:**Stigting Woord en Wandel**

G de Jager (voorsitter)

BJ Kamphuis

A Bron (sekretaris)

Tel. (012) 332-0943

E-pos (Stigting):

berendkamphuis@telkomsa.net

Drukker:

Printburo

Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie:

ds E Viljoen

(eindredakteur)

Mev. M de Vries

J Moes

P Hofsink

Redaksie:

Mev. JW Douma

Saxenburgsingel 14

Oakglen

Bellville 7530

Tel. (021) 919-5176

E-pos:

Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland:

Mev. H van de Weide

Oldenkottebrink 60

7544 LP Enschede

Tel. (053) 478 4561

Administrasie:

Mev. G van der Meulen

Posbus 31195

Waverley 0135

Tel. (012) 332-3639

Elektroniese betalings:

Stigting Woord en Wandel

Nedbank Gezina

Takkode: 16 03 45

Rek. nr: 1603 031 820

Vermeld asb.**u Naam & Lidnr****Intekengelde (per jaar):**

E-pos RSA R40

Buiteland •10

RSA per hand R90

per pos R100

Buiteland:

Seepos •30

Lugpos •40

het. Sy moes 'n storie uitdink om hom daar te kry.

Dit is die begin van 'n lang pad van die soeke na 'n naam vir die siekte van haar man en die behandeling daarvan. Die besoek aan 'n neuroloog, waar sy uiteindelik antwoorde kry, beteken nie dat dit dan skielik beter gaan nie. Die regte medikasie moet gevind word en ondertussen tree Pieter al hoe vreemder op en raak by die dag onsekerder. Sy onsekerheid oor alledaagse dinge maak ook dat hy al hoe meer aggressief begin optree. Stelselmatig word hy 'n vreemde vir sy eie vrou.



Lovy moet al hoe meer dinge uit sy hande neem en dit word nie in dank aanvaar nie. Hy raak agterdochtig en is baie erg oor sy geld.

Pieter was altyd die een wat die beursie dra en al die besluite neem. Maar later weet hy nie eers meer wat met sy geldsake aangaan nie.

Haar eie gesondheid begin daaronder ly en sy moet uiteindelik selfs hulp kry van 'n pastorale sielkundige om haar deur haar eie depressie te help.

Tog is sy 'n gelowige vrou wat steeds weer krag put uit haar geloof om vol te hou, ondanks die agteruitgang van haar man se gesondheid.

Dit is 'n hartroerende verhaal van die skryfster se wedervaringe met haar man wat, as gevolg van Alzheimers, al hoe meer van haar vervreemd raak. Alhoewel dit 'n hartseer verhaal is, kry sy dit reg om ook die humor van sekere situasies raak te sien.

'n Mens sê dikwels: "Ek het vergeet, dis seker Alzheimers", maar as jy hierdie boek gelees het, sal jy anders dink oor Alzheimers.

Ek het Vergeet... is Lovy Pieterse se eerste boek. Wel het sy bykans veertig kortverhale vir bekende tydskrifte geskryf, waarvan twee in bundels opgeneem is. Ook is verskeie sketse oor die radio in die destydse Vrouerubriekprogram uitgesaai.

Sy is 'n Vrystater. In Bloemfontein gebore en getoë in Johannesburg. Teruggekom Vrystaat toe en daar hoërskool klaargemaak en 'n onderwysgraad behaal. Sy was onderwyseres in Engels en getroud met Pieter, wat ook 'n onderwyser was.

Hulle het 28 jaar in Reitz gewoon en het drie seuns.

Agt jaar na haar man se aftrede word hy met Alzheimers gediagnoseer en het hulle noodgedwonge Bloemfontein toe getrek, sodat hulle naby mediese versorging kon wees.

Haar man is toe einde 1999 in 'n aftree-oord oorlede.

Vir Kompas geskryf deur: Louise Haak